

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH-UNIVERSITY
HOOP
PROJEKDIE UITWISSING VAN
ARMOEDE EN VERWANTE
TOESTANDEDIE BEVORDERING VAN
MENSWAARDIGHEID EN
GESONDHEIDDIE BEVORDERING
VAN DEMOKRASIE EN
MENSEREGTEDIE BEVORDERING VAN
VREDE EN VEILIGHEIDDIE BEVORDERING VAN 'N
VOLHOUBARE OMGEWING
EN 'N KOMPETERENDE
NYWERHEIDwww.diehooprojek.co.za
www.thehopeproject.co.zaFLIP OVER FOR THE
ENGLISH VERSION:

HOPE TIMES

Die US wil 'n beter wêreld help skep

Gefokusde toepassing van die wetenskap afgestem op lewensanderende diensbaarheid aan gemeenskappe dwarsoor die land – gekoppel aan die grootste investering in voortgesette akademiese sukses nóg deur 'n Universiteit in Afrika.

Só beskryf Prof Russel Botman, Rektor en Vise-Kanselier van die US, die Universiteit se HOOP Projek wat die uitnemendheid van die instansie vir komende geslagte wil verseker. Die US se doelwit is om oor die volgende 6 jaar 'n minimum van R1,75 miljard vir hierdie doel in te samel.

Prof Botman het aangekondig dat die Hoop Projek nasionaal en internasionaal groot ondersteuning geniet en dat voorste sakelui, filantropiese instansies en alumni van die Universiteit reeds sowat R500 miljoen aan die US bewillig het.

Hieronder tel 'n leerstoel in intellektuele eiendomsreg aan die fakulteit regsgeleerdheid ten bedrae van etlike miljoen per jaar deur die Rupert-familietrust; skenkings van filantropiese instansies soos

die Mellon-, Carnegie- en Claude Leon-stigtings; en bewilligings en skenkings van voorste sakelui en alumni van die Universiteit. Die staat het ook R190 miljoen gegee vir fasiliteite wat onmisbaar is in die leer en onderrigprogram.

“Dit is vir my betekenisvol dat ons strategiese vennote die Universiteit se visie as bouer van hoop met daad ondersteun en dat die voortsetting van die US se trotse tradisie van akademiese uitnemendheid vir hulle ewe ononderhandelbaar is. Hul bydraes is 'n belegging in die toekoms, want wat ons doen gaan 'n groot impak in hê, het Botman gesê.

“Menslike ontwikkeling is die morele imperatief van ons tyd Daar is groot nood in die wêreld en die universiteit wil hiermee help.”

Die Universiteit het vyf temas uit die internasionale ontwikkelingsagenda gedistilleer, naamlik die uitwissing van armoede, en die bevordering van gesondheid en menswaardigheid, demokrasie en menseregte, vrede en veiligheid, asook 'n volhoubare omgewing en lewenskrachtige industrie. Die



Prof Russel Botman, Rektor en Vise-Kanselier van die US

Foto: ERHARDT THIEL

US streef die verwesenliking van hierdie doelwitte na in elk van sy kernaktiwiteite, naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

Oor die afgelope drie jaar het fakulteite 'n verskeidenheid akademiese inisiatiewe ontwikkel wat saam met die ander gevestigde hoopskeppende werk van die

fakulteite verdere stukrag verleen aan die Universiteit se strewe om by uitstek 'n bouer van hoop te wees te midde van nood op allerlei terreine in die samelewing.

Onder hierdie inisiatiewe tel die Ukwanda Landelike Kliniese Skool om meer dokters vir die platteland op te lei, tot die US Waterinstituut, wat navorsing doen oor die bewaring van ons land en vasteland se kosbare waterbronne. (Lees meer binne oor die US se hoopskeppende inisiatiewe.)

“Ons talentvolle personeellede en studente, die uitnemendheid van ons akademiese programme en die wyse waarop ons ons kernaktiwiteite met die vyf geselekteerde ontwikkelingstemas belyn het, bewys dat ons werklik gestalte gaan aan ons toekomsvisie. Ons meen deur ons gewig in te gooi by pogings om die samelewing van diens te wees, kan ons help om van die wêreld 'n beter plek te maak,” het Botman gesê.

Die US wil die wetenskap gebruik en 'n verskuiwing bring in die ontwikkelingsvlakke in ons land, op ons vasteland en elders in die wêreld.

Een van die hoofuitdagings vir universiteite vandag is hoe jy by 'n snelveranderende wêreld aanpas. Relevante universiteite in hierdie 21ste eeu moet duidelik 'n bydrae tot mense se lewens lewer.

“Ons weet ons gaan baie vennote kry, want dis die regte ding om te doen, op die regte tyd,” sê Botman.

Suiwer water in 'n japtrap

Wetenskaplikes van US ontwerp 'n gevorderde filter wat soos 'n teesakkie lyk, in die nek van 'n bottel pas en skoon water lewer terwyl jy drink, skryf **Engela Duvenage**.

Toe mikrobioloog prof Eugene Cloete in Januarie 2009 die Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) geword het, het hy nie toegelaat dat sy uitgebreide administratiewe pligte sy passie vir die wetenskap

oorheers nie.

Inteendeel, sy blootstelling aan toepaslike navorsing buite sy eie spesialisgebied het gelei tot die uitvinding van 'n hoëtegnologie wegdoenbare filter wat soos 'n teesakkie lyk en besoedelde water maklik suiwer.

Hy het onlangs saam met navorsers van die Departement Mikrobiologie en US se polimeerwetenskaplikes dié innoverende uitvindsel gepatenteer. Dit is 'n gebruiks- en omgewingsvriendelike watersuiweringstelsel wat in die nek



Vinnig, veilig en goedkoop. Prof Eugene Cloete sit sy uitvindsel, die teesakkie-filttertjie, in die bottel, skep rivierwater en drink dit.

van 'n bottel pas.

“Die water word gesuiwer net daar waar jy dit uit die bottel drink,” verduidelik Cloete.

Die sakkie kombineer jare se fundamentele navorsing in watersuiwering, nanotegnologie en voedselmikrobiologie op 'n praktiese wyse. Dit belooft om maklike toegang tot skoon drinkwater aan kwesbare gemeenskappe te bied, byvoorbeeld dié wat naby besoedelde waterstrome woon. Daar is ook planne om die filter kommersieel te ontwikkel vir gebruik deur byvoorbeeld stappers of kampeerdere.

“Die tekort aan beskikbaarheid van voldoende, veilige en bekostigbare watervoorrade het 'n ernstige impak op kwesbare groepe soos die armes, bejaardes, MIV/Vigs-pasiënte en kinders,” sê hy.

“Meer as 90% van alle cholera-gevalle word in Afrika aangemeld, en 300 miljoen mense op ons vasteland het nie toegang tot veilige drinkwater nie. Iets moet dringend hieraan gedoen word.”

Cloete is oortuig daarvan dat die “teesakkie”-filter die weg vorentoe

baan omdat dit gedentraliseerde tegnologie is. Dit kan help om in die behoeftes te voorsien van mense wat in afgeleë gebiede woon of reis, of diegene wie se gereelde watervoorraad nie tot 'n drinkbare standaard versorg word nie.

“Dit is gewoon onmoontlik om suiweringsinfrastruktuur by elke besoedelde stroom te bou. Daarom moet ons die oplossing na die mense toe neem.”

Die uitvindsel is een van die eerste groot projekte van die nuutgestigte Universiteit Stellenbosch

Waterinstituut, 'n transdissiplinêre inisiatief wat daargestel is om die soektog na volhoubare oplossings vir die land en die kontinent se waterprobleme te bespoedig.

Cloete, die voorsitter van die Waterinstituut, vertel dat hy die idee vir die filter tydens 'n bekendstellingsbesoek aan InnovUS, die Universiteit se tegnologie-oordragmaatskappy, gekry het.

“Ek was besig om te kyk na die elektrosintetiek wat dr Eugene Smit van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap ontwikkel het en waarmee ultradun vesels op 'n



Gesondheid! Navorsers drr Michéle de Kwaadsteniet en Marelize Botes, wat albei nadoktorale genote in die Departement Mikrobiologie is, drink rivierwater wat met die nuwe filttertjie gesuiwer is.

Foto's: JACQUES BOTHA

Raak betrokke

Individue, maatskappye en stigtings kan almal die Universiteit Stellenbosch se doelwit om een van die vooraanstaande universiteite en 'n bouer van hoop op die vasteland te wees, ondersteun.

Van die grootste stigtings in die VSA, waaronder die Andrew W. Mellon- en Claude Leon-stigting het reeds hul steun aan die projek toegesê en etlike miljoene aan die Universiteit bewilling. Groot skenkings is al ontvang van alumnus en verskeie ander het al aangedui dat hulle die projek sal steun.

Die skenking van sowat R6 miljoen van die Mellon-stigting sal gebruik word vir die US se beursprogram vir talentvolle, jong nagraadse studente en nadoktorale navorsingsgenote in die sosiale en geesteswetenskappe. Die program is daarop gemik om die Suid-Afrikaanse pool van akademiese personeel te vergroot en meer divers te maak.

Twee skenkings van die Claude Leon-stigting van altesaam R1,4 miljoen sal ook bydra tot die Universiteit se doelwit om die tyd wat nagraadse studente neem om hul studies te voltooi, te halveer, en die universiteit se aantal nagraadse studente opstoot.

Die skenking van R1 miljoen (R200 000 per jaar oor 'n tydperk van vyf jaar) sal aangewend word om veral, hoewel nie uitsluitlik nie, jong swart vakkundiges by te staan om, terwyl verdere R400 000 beursgeld beskikbaar gestel is vir studente wat in 2011 vir 'n honneursgraad sal studeer.

Deur die HOOP Projek te ondersteun, belê individue en organisasies in die personeel- en studentesukses, geriewe asook die akademiese inisiatiewe van die US.

Studentesukses sluit onder meer die befondsing van voor- en nagraadse beurse asook die Eerstejaarsakademie in. Geld wat geskenk word aan personeelsukses sal onder meer aangewend word om navorsingskapasiteit te ontwikkel.

Om die nodige fasiliteite en infrastruktuur te voorsien vir volgehoue akademiese en navorsingsuitnemendheid, sal geld ook bewilling word om onder meer 'n nuwe ingenieursgebou, elektroniese klaskamers, die Lentelus Sokkersentrum en die Landelike Kliniese Skool op Worcester op te rig. Opgraderings aan bestaande infrastruktuur soos die JS Gerieke Biblioteek, Konservatorium asook die HB Thom Dramagebou en Teater, sal ook gedoen word.

Die Universiteit is tans besig met 22 akademiese inisiatiewe wat daarop gemik is om die gemeenskap deur die wetenskap te dien en sodoende Suid-Afrika en die vasteland se grootste probleme te takel. Standard Bank, wat geld bewilling het vir Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap, dien as voorbeeld van hoe organisasies of individue spesifieke inisiatiewe kan rugsteun. Lees meer oor hierdie inisiatiewe op die bladsye wat volg.

Skenkings kan op gereelde basis of eenmalig gedoen word en daar is verskeie maniere waarop mense hul bydra tot hierdie verdienstelike projek kan maak.

Skenk via die beveiligde platform, GivenGain, of doen 'n elektroniese geldoordrag. Suid-Afrikaanse maatskappye kan 'n skenking aanlyn inisieer en daar is baie opsies borgskap-gelentheid vir organisasies of vir diegene wat 'n erflating aan die Universiteit wil nalaat.

Raak deel van die HOOP Projek en doen jou deel om van die wêreld 'n beter plek te maak.

Bespreek jou belangtellings met me Annamia van den Heever by die ontwikkelingskantoor by 021 808 4020.

MIV/vigs in die kollig

Die Universiteit gebruik opvoedkundige teater met groot sukses om belangrike gesondheidsboodskappe oor te dra, skryf Liezl Scholtz.

Dis is vroegoggend op 'n plaas in die skilderagtige omgewing van die Paarl. 'n Groep plaaswerkers stap by 'n saal in, hul gesigte die ene afwagting. Hulle gaan sit, en die eerste klanke van *I heard it through the grapevine* vul die lug. Opgewonde uitroepes weerklink toe nog 'n vertoning van *Lucky the Hero!* begin.

'n Halfuur lank sit die gehoor vasgeael terwyl karakters soos Tienkan Jan, DJ Papsak en Twotime Tokkie op die verhoog verskyn. Hulle boodskap oor die voorkoming van MIV/vigs is ernstig, maar hulle dra dit op so 'n humoristiese manier oor dat almal geboei en meegesleur word – 'n bewys dat die opvoering die beoogde doelwit bereik.

Meer as 300 000 mense het hierdie opvoedkundige verhoogstuk die afgelope vier jaar gesien, en 82% van hulle het hulle ná die vertoning vrywillig vir MIV laat toets.

"Dit is belangrik, want MIV/vigs is allesbehalwe iets van die verlede. Inteendeel, dit neem net toe. Dié siekte het reeds 'n uiters hoë tol geëis in terme van menselewens en produktiwiteit. Tog kan dit voorkom word, en dit is hoe kom ons doen wat ons doen," sê prof Jan du Toit, die Direkteur van die Afrika-sentrum vir MIV/Vigsbestuur van die Universiteit Stellenbosch (US).

Die Sentrum, wat die verhoogstuk aanbied, is in 2003 gestig "om ondersteuning te gee aan die sosiale, politieke en ekonomiese transformasie wat nodig is om hierdie siekte uit te wis". Dit word gedoen deur middel van nagraadse opleidingsprogramme, akademiese navorsing en gemeenskapsinteraksie.

Die behoefte om 'n groter bewustheid van MIV/vigs by die gemeenskappe van Stellenbosch

saam te leef.

"Hierdie opvoerings is daarop gemik om verandering teweeg te bring. Dit is meer as net vermaak. Dit gaan daaroor om 'n verskil te maak," sê Hilton Andries, wat die rol van *Lucky* vertolk.

"Die gemeenskap is 'n groot bron van inspirasie vir ons. En ons ploeg hulle ervarings terug in ons opleidingsprogramme en navorsing. Die werk wat ons doen, doen ons vir



Werkers van die Lanquedoc-wynplaas buite Paarl geniet 'n opvoering van *Lucky the Hero!* Ralston Oliphant (links onder) speel die rol van Tienkan Jan in dié gewilde toneelstuk.

Foto's: JACQUES BOTHA

Sentrum en die vervaardiger van die opvoerings.

Die *Lucky*-vertonings is al by skole, kerke, in plaasskure, tronke, stadsale, by kunstefeeste en in groot konsertsale aangebied. Opvoerings is ook reeds gehou by groot maatskappye, soos Peninsula Beverages (Coca-Cola), Eskom, Transnet Spooringenieurswese en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, met die kollig wat veral val op hoe om MIV/vigs in die werkplek te hanteer.

"Die sukses van die opvoerings het vir ons hier by die Sentrum groot tevredenheid gebring," sê Perry. Die geheim lê in die benadering. Onderwerpe wat oor die algemeen as intimiderend of selfs taboe beskou word, word trompop aangepak en met 'n goeie dosis humor vermeng. Baie musiek en danse verhoog die pret van hierdie opvoerings.

Die draaiboek is geskryf deur Vicky Davis, 'n oud-Matie, aktrise en aanbieder van *Pasella* op SABC2. Die dialoog van die verhoogstukke is in Afrikaans en Engels, en dit is duidelik dat die gehoor aanklank vind daarby. Hulle kan hulle goed vereenselwig met die karakters.

"Ons draai nie doekies om nie," sê Christy-Ann Julies, een van die aktrises wat in Cloetesville, Stellenbosch gewerf is. "*Lucky* takel probleme en kwessies trompop."

Onderwerpe wat aangeraak word, sluit in wat MIV en vigs is, hoe die MI-virus oorgedra word, hoe dit voorkom kan word, hoe om jou vir MIV te laat toets en hoe om met vigs

die mense daar buite. Ons motto is om elke dag 'n verskil te maak," sê Du Toit.

Die Sentrum beplan om die opvoerings na ander areas van die Wes-Kaap, die Noord-Kaap en die Vrystaat te neem, en uiteindelik na die res van Suid-Afrika – moontlik ook in ander tale.

Terug op die plaas buite die Paarl. Die opvoering is verby, en die oorgrote meerderheid van die gehoor staan in groepies en wag dat geregistreerde gesondheidswerkers

‘Dit is meer as net vermaak. Dit gaan daaroor om 'n verskil te maak.’

hulle toets vir MIV, sowel as vir diabetes en hoë bloeddruk.

Shereldene Pause, een van die plaaswerkers wat na die opvoering kom kyk het, sê dié produksie is 'n goeie manier om die regte inligting aan gemeenskappe oor te dra.

Weet sy wat haar status is? Ja, knik sy, en draai dan na die skaam drupelê en mense wat aan serebrale verlamming ly egter daarna uitensien om in die nabye toekoms 'n rekenaar te gebruik danksy 'n eenvoudige en bekostigbare toestel.

Dié toestel word ontwikkel deur die Universiteit Stellenbosch (US) se Kommunikasie- en Inligtingstelsels, 'n akademiese inisiatief van die Fakulteit Ingenieurswese. Dit lyk soos 'n telefoonkopstuk, met oorfone en 'n mikrofoon wat voor die mond geposisioneer kan word.

Wanneer die toestel aan 'n rekenaar gekoppel word, werk dit soos 'n muis. As die persoon wat die kopstuk dra, sy of haar kop effens lig of laat sak, beweeg die pyltjie op die rekenaarskerm op en af. As die gebruiker sy of haar kop na links of regs kanteel, beweeg die pyltjie in die ooreenstemmende rigting. Die klik-

behaal. Meer as 2 000 aansoeke vir hierdie diploma is vanjaar ontvang, maar slegs 400 studente kon ingeneem word.

• Die Sentrum bied ook 'n MPhil-program aan.

• Die Sentrum het die behoefte aan 'n nuwe gebou geïdentifiseer, asook aan 'n groter bestuursnetwerk om sy aktiwiteite te kan uitbrei. Die oprigting van die gebou sal aan die einde van 2010 begin.

Dokters vir die platteland opgelei

SONIKA LAMPRECHT

'n Groot uitdaging in die Suid-Afrikaanse gesondheidsektor is die wanbalans in die verspreiding van dokters tussen landelike en stedelike gebiede. Dit skep probleme, want sowat 46% van die bevolking woon op die platteland en gebrekkige toegang tot gesondheidsorg lei tot swak gesondheid.

Om tot oplossings by te dra, het die Universiteit Stellenbosch (US) besluit om die Kwkanda Landelike Kliniese Skool op die been te bring. Dié skool sal op die kliniese opleiding van studente by landelike hospitale en gesondheidsentrums fokus.

Studente sal steeds deels by die US se hoof-opleidingshospitaal in Kaapstad (Tygerberg-hospitaal en omliggende klinieke en kleiner hospitale) opgelei word, maar sal ook landelike blootstelling kry. Internasionale ervaring dui daarop dat langer blootstelling aan 'n landelike omgewing help om studente nagraads te behou. En deur plattelandse studente te werf, is daar 'n groter kans dat hulle in dié gebiede sal aanby.

Die Universiteit hoop om mediese studente te motiveer om hulle uiteindelik op die platteland te vestig. Volgens navorsing wat in April in die Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal gepubliseer is, is daar internasionaal sterk getuienis dat studente wat op die platteland grootgeword het meer geneig is om in landelike gebiede te gaan

woon en werk.

Me Ruth Williams, 'n sesdejaarmediese student aan die US, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Sy is op Saron naby Porterville in die Drakenstein-distrik gebore en het daar grootgeword.

"Daar was nie 'n dokter op die dorp nie," vertel sy. "My ma, Lenie, is 'n suster en die ambulansdiens op die dorp. Vandat ek kan onthou, het die mense aan ons deur kom klop as daar nood was, en ek het saam met my ma gegaan wanneer sy gaan help het."

Williams se haar grootwordjare op die platteland het 'n opregte belangstelling in mense by haar gekweek. "Nie net in hulle siektes en kwale nie, maar in die mense. Ek het so baie by my ma geleer oor hoe om met pasiënte te werk."

Die feit dat mediese studente in tersiêre hospitale in stedelike gebiede opgelei word, is volgens Williams een van die redes waarom baie ná hul studies daar aanby. "In tersiêre hospitale het jy spesialiste, toets- en toerusting tot jou beskikking om diagnoses te maak en mense te behandel, maar op die platteland moet jy met veel minder klaarkom en meer op jou kennis en kliniese vaardighede staatmaak."

"Maar," sê sy, "ek het gesien hoe sommige van my vriende se persepsies verander het tydens ons rotasies op die platteland. Ek dink dit is die gevoel dat jy deel van 'n gemeenskap is wat dit so spesiaal maak."



Me Ruth Williams, 'n sesdejaarmediese student aan die US, sien om na 'n pasiënt. Sy se haar grootwordjare op die platteland het 'n opregte belangstelling in mense by haar gekweek.

Foto: ANTON JORDAAN

Die Kwkanda Landelike Kliniese Skool is gebore uit die Kwkanda Sentrum vir Landelike Gesondheid wat in 2001 gestig is. Kwkanda is 'n Xhosa-woord wat beteken "om in die gemeenskap te ontwikkel en te groei". Die Kwkanda Sentrum se kern is in Worcester geleë, en daar is nege kleiner sentrums in ander dorpie in die Wes-Kaap asook een by die Madwaleni-hospitaal in die Oos-Kaap.

Deur Kwkanda ontvang die US se studente in die gesondheidswetenskappe opleiding in hospitale, emeenskaps-gesondheids-orsentrums, mobiele klinieke, skole en tuisse vir bejaardes.

Die Kwkanda Landelike Kliniese Skool sal die US uiteindelik in staat stel om meer dokters en gesondheidswerkers op te lei. Dit sal 'n gebou met lesinglokalen en huisvesting vir studente oorkant die Worcester-streekshospitaal insluit. Die oogmerk is om die US se gesondheidsorgopleiding, wat tans hoofsaaklik op die Tygerberg-kampus in 'n stedelike akademiese hospitaalomgewing plaasvind, na landelike gebiede uit te brei.

"Mediese studente sal waardevolle ervaring in 'n landelike

omgewing opdoen, en terselfdertyd gesondheidsdienste aan gemeenskappe in dié gebiede help lewer," sê dr Therese Fish, Visedekaan (Gemeenskapsdiens en -interaksie), van die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Prof HOFFIE Conradie, die Direkteur van Kwkanda, was onlangs vyf weke lank in Australië waar hy drie van dié land se twaalf landelike kliniese skole besoek het. Hy sê: "Dit werk so

goed daar dat dié vorm van opleiding voorkeur onder student geniet."

In Suid-Afrika word beoog dat studente in hul sesde en finale jaar na Worcester en ander dorpe gaan vir hul studente-internskapjaar.

"Dié opleiding sal studente toerus met vaardighede wat gepas is vir die ontwikkelingsbehoefes van Suid-Afrika en ander Afrikalande," sê Conradie.

www.diehoopprojek.co.za/ukwanda



Mnr Nicholas Fortuin, 'n vyfdejaarmediese student, wil na sy studies op die platteland gaan werk.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Tegnologie wat saakmaak

SONIKA LAMPRECHT

Die gebruik van 'n rekenaar was lank buite die bereik van talle mense met gestremdhede. Nou kan kwa-drupelê en mense wat aan serebrale verlamming ly egter daarna uitensien om in die nabye toekoms 'n rekenaar te gebruik danksy 'n eenvoudige en bekostigbare toestel.

Dié toestel word ontwikkel deur die Universiteit Stellenbosch (US) se Kommunikasie- en Inligtingstelsels, 'n akademiese inisiatief van die Fakulteit Ingenieurswese. Dit lyk soos 'n telefoonkopstuk, met oorfone en 'n mikrofoon wat voor die mond geposisioneer kan word.

Wanneer die toestel aan 'n rekenaar gekoppel word, werk dit soos 'n muis. As die persoon wat die kopstuk dra, sy of haar kop effens lig of laat sak, beweeg die pyltjie op die rekenaarskerm op en af. As die gebruiker sy of haar kop na links of regs kanteel, beweeg die pyltjie in die ooreenstemmende rigting. Die klik-



Me Jackie Gilmore, 'n US-ingenieur, wys hoe die rekenaarkoppeltelwerk. Sy bou die finale prototipe.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

funksie word geaktiveer deur in die mikrofoon te blaas.

Die toestel sal geskik wees vir mense wat die gebruik van hul ledemate en bolyf verloor het, maar steeds beheer oor hul nekspiere het.

Mnr Raven Benny, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kwadrupelê en Parapleë (QASA), sê sy organisasie ontvang ongeveer 20 navrae per maand oor rekenaarhulpmiddels, maar die koste van sulke toestelle is 'n groot struikelblok.

"Baie mense met gestremdhede sukkel om 'n produktiewe bydrae tot die gemeenskap te lewer omdat werk vir hulle skaars is. Gespesialiseerde rekenaartoerusting is duur. Soms word ou rekenaars aan ons geskenk, maar party van ons lede kan sulke geleenthede benut nie omdat ons nie toestelle het om rekenaars vir hulle bruikbaar te maak nie."

Benny se rekenaarkoppeltelstelle kan 'n groot verskil maak. "Een van ons lede het nuwe stemgeakti-

veerde sagteware ontvang en sy ou program aan iemand anders geskenk. Die ontvanger se lewe het dramaties verander. Hy het produktief geword, en die toerusting het hom gehelp om leiding te begin neem by die organisasie waar hy werk."

Die US se projek is daarop gemik om bekostigbare en gepaste rekenaarhulpmiddels te ontwikkel, sê dr Mike Blanckenberg, 'n senior dosent in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. Hy en sy kollegas hoop dat 'n groot persentasie van kwadrupelê en serebrale gestremde mense by hul navorsing sal baat vind.

"Omdat dit basies die muis vervang, sal dit werk met die meeste bedryfstelsels en programme wat algemeen gebruik word," sê me Jackie Gilmore, 'n elektriese en elektroniese ingenieur. Sy bou die finale prototipe.

"Dit kan ook mense help wat die vermoë om te praat, verloor het.

Hulle sal 'n spraaksintetiseerder kan beheer." Die toestel sal getoets word in samewerking met die Departement Arbeidsterapie van die US.

Soortgelyke produkte is in die handel beskikbaar, maar dit is vir vele mense met gestremdhede te duur. Die ontwikkelaars se hul toestel sal bekostigbaar wees.

"Selfs al word dit op redelike klein skaal vervaardig, sal dit nie meer as ongeveer R600 kos nie. Dit is nie net 'n akademiese oefening nie. Ons hoop die produk sal binnekort aan die publiek beskikbaar gestel word," sê Blanckenberg.

Prof Willie Perold, hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en leier van hierdie inisiatief, sê die projek om rekenaars toeganklik te maak weerspieël die Universiteit se visie van hoop-in-aksie. "Ons wil hoop uitleef, nie net passief wag vir andere om 'n verskil te maak nie." www.diehoopprojek.co.za/komm-inlig



UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY

HOOP PROJEK



VIND OP DIE WEB:

www.diehoopprojek.co.za

www.thehopeproject.co.za

HOOP NUUS

Uitgegee deur: Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch Tel: +27 21 808 4977

Redakteur: Desmond Thompson E-pos: desmond@sun.ac.za

Vertaalwerk: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum

Bladuitleg & Drukwerk: Elbie Els, SUN MEDIA

Skrywers: Engela Duvenage, Sonika Lamprecht, Stephanie Nieuwoudt, Hans Oosthuizen, Martie Retief Meiring, Lynne Rippenaar, Liezl Scholtz, Martin Viljoen

Fotograwe: Jacques Botha, Bernard Bravenboer, Jac de Villiers, Stefan Els, Anton Jordaan, Alexia Webster, Erhardt Thiel



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Welkom in die virtuele klaskamer

Gevorderde tegnologie word deur die US ingespan om die universiteit na studente te vat, skryf **Martin Viljoen**.



Mnr Danie Moolman, 'n tegniese beampte, in die kontrolekamer vanwaar lesings na 19 sentra landwyd en in Namibië gebeeldsend word.

Foto: VERSKAF

Dis amper of jy en jou dosent in dieselfde lesinglokaal is. Die interaktiewe kommunikasie maak dit moontlik om enige probleme wat jy het regstreeks te bespreek.

So sê me Ntomboxolo Blouw van Port Elizabeth, wat in 2009 die graad HonsB in Publieke Administrasie via die Universiteit Stellenbosch (US) se interaktiewe telematiese platform verwerf het. Me Blouw werk vir die Kouga Munisipaliteit as 'n bestuurder in vaardighedsontwikkeling. Sy het al haar klasse in Port Elizabeth bygewoon – amper 800 km van Stellenbosch af.

“Ek wou nie my loopbaan onderbreek om verder te studeer nie en het die geleentheid aangegryp om dit via die telematiese platform te doen,” sê sy.

Die US bied reeds sedert 1998 'n telematiese platform aan verskeie fakulteite om met behulp van satelliettegnologie klasse uit te saai na studente regoor Suid-Afrika en Namibië. Sedert 2008, met die totstandkoming van die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste (iTD), is dié diens aangevul deur selfoon-, knapkaart- en internettegnologie.

Die Afdeling beskik oor 'n moderne uitsaai-ateljee en kontrolekamer in Stellenbosch vanwaar klasse vir nagraadse programme in die fakulteite Gesondheidswetenskappe, Opvoedkunde, Krygskunde asook Ekonomiese en Bestuurswetenskappe na 19 sentra landwyd en in Namibië gebeeldsend word.

Vanjaar is daar nagenoeg 2 300 nagraadse studente wat op hierdie

manier “klasdra”. Dié initiatief staan as Virtuele Nagraadse Leerondersteuning bekend.

“Dit laat die skeidslyn tussen residensiële en nie-residensiële onderwys vervaag,” sê prof Tom Park, hoof van die projek en Senior Direkteur van iTD.

“Studente sit nie meer afgesonder in afgeleë gebiede nie, maar neem aktief aan lesings deel. Jy kan die biblioteek aanlyn besoek en toegang tot 'n groot verskeidenheid studentedienste kry.”

‘Sowat 21% van ons nagraadse studente studeer via dié platform.’

Virtuele Nagraadse Leerondersteuning maak dit vir werkende mense moontlik om verder te studeer sonder om te bedank of langverlof te neem. Navorsing dui daarop dat suksesvolle deelname aan hoëronderrys die ekonomie 'n hupstoot gee. Dié initiatief help dus armoeëde bestry.

“Ons leef in 'n kennis-ekonomie. Dit is noodsaaklik om verder te studeer, maar min mense in 'n professionele werksomgewing wil hul loopbane hiervoor onderbreek. Hulle wil eerder werk en studies kombineer,” sê Park.

“Die enigste uitweg is om die universiteit na die student te neem, daar waar hy of sy werk en leef.

Dr Antoinette van der Merwe, Direkteur van iTD, sê hierdie

initiatief moet nie verwar word met opvoedkundige TV, wat nie interaktief is nie.

“Studente meld aan vir klas met 'n knapkaart, en kan per selfoon of die internet vrae stel. As jy 'n SMS na die ateljee stuur, dan bel die dosent jou sodat jy jou vraag kan vra – hoorbaar vir almal wat oral by al die sentra ingeskakel is.”

Die onderskeie leersentra is almal goed toegerus met skermes sodat die studente die dosent en ander visuele materiaal kan sien. En paneelbesprekings in die ateljee kan ook gebeeldsend word.

'n Moontlike alternatief sou wees om oor die internet te studeer, maar Park meen dit is nie tans 'n lewensvatbare opsie vir die meeste studente in Afrika nie as gevolg van 'n gebrek aan voldoende bandwydte. Satelliettegnologie by gedentraliseerde leersentra bied 'n werkbare en meer bekostigbare oplossing.

“Kernbelangrik is dat die US nagraadse universiteitstudie vir 'n baie groter pool studente moontlik maak. En toeganklikheid is presies wat ons nodig het. Die hoëronderrysdeelnamekoers in Afrika is baie laag – slegs sowat 5% van die tersaaklike ouderdomsgroep,” sê Park.

“Studente gryp die kans aan om op 'n ander manier te studeer. Sowat 21% van al ons nagraadse studente studeer reeds via dié platform, teenoor net 5,5% in 2000. Dis studente wat andersins nie die geleentheid sou gehad het nie of wat ingrypende loopbaanbesluite sou moes neem om residensiële te kom studeer.”

www.diehoopprojek.co.za/vnlo

Dwarsliggende inisiatiewe

HOOP Nuus bevat stories oor al 22 akademiese inisiatiewe van die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek. Elk van hulle, insluitend die vier op hierdie twee bladsye, bevorder een of meer van die instelling se vyf ontwikkelingsstemas (sien voorblad).

Hierbenewens help hierdie vier inisiatiewe 'n bevorderlike akademiese en navorsingsomgewing skep om tot die HOOP Projek se sukses by te dra. Hoewel hulle dus in eie reg by die US se ontwikkelingsstemas aansluit, word hulle as dwarsliggende inisiatiewe beskou en nie by 'n spesifieke tema ingedeel nie. –Red.

Denkers delf diep

HANS OOSTHUIZEN

Kompleksiteitsteorie is 'n redelik nuwe maar belangrike akademiese vakgebied. Dit pak probleme binne die sosiale en natuurwetenskappe op innoverende maniere aan. 'n Akademiese baanbrekersinisiatief van die Universiteit Stellenbosch (US), die Sentrum vir Studies in Kompleksiteit (SSK), streef daarna om die insigte in hierdie vakgebied in te span in die soeke na omvattende oplossings vir die uitdagings van menslike ontwikkeling.

Die Sentrum, die enigste een van sy soort in Afrika, is gestig deur twee bekende akademici uit wyd uiteenlopende vakgebiede – prof Paul Cilliers, 'n filosoof, en prof Jannie Hofmeyr, 'n biochemikus. Hulle ontwikkel nuwe strategieë om ingewikkelde verskynsels te verklaar, soos:

- hoe ekosisteme, sowel as sosiale en ekonomiese stelsels, werk;
- hoe die sellulêre orde binne 'n lewende organisme werk;
- hoe neurone in die brein op mekaar inwerk;
- hoe betekenis in taal ontstaan;
- hoe politieke onverdraagsaamheid ontstaan; en
- hoe gesondheidstelsels werk.

“Ons doel is nie noodwendig om spesifieke probleme op te los nie, maar eerder om diep na te dink oor sowel die wesenlike aard van ingewikkelde verskynsels as die etiese implikasies van ons groeiende begrip,” sê Cilliers.

Die SSK is betrokke by navorsing sowel as onderrig, en voorsien 'n diens aan mede-akademici en die publiek. Die Sentrum streef daarna om 'n wye verskeidenheid dissiplines op 'n teoretiese vlak by mekaar te laat inskakel en werk oor bestaande grense tussen verskillende dissiplines heen. Elf doktrale studente en 'n hele paar meestersgraadstudente is tans by die Sentrum ingeskryf.

Studies in kompleksiteit daag wetenskaplikes uit om interdisiplinêre reise aan te pak in die soeke na antwoorde. Die feit

dat twee wetenskaplikes uit totaal verskillende vakgebiede aan die hoof van die SSK staan, weerspieël die noodsaak om die sosiale en natuurwetenskappe nader aan mekaar te bring.

Cilliers en Hofmeyr het albei 'n A-gradering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang, wat beteken hulle word as wêreldleiers in hulle onderskeie vakgebiede beskou. Hulle albei het die gesogte Harry Oppenheimer Fellowship Award vir navorsing op die Afrikavasteland ontvang.

As 'n opgeleide ingenieur met wye praktiese ervaring het Cilliers akademies baie in gemeen met ander in soortgelyke vakgebiede. “My medewerkers is meestal in die praktiese dissiplines, soos organisasie- en bestuurswetenskappe, regsgeleerdheid, rekenaarwetenskap en gesondheidswetenskappe.”

Hy het 'n gesofistikeerde beskrywing van ingewikkelde stelsels ontwikkel wat in sowel die natuur- as die sosiale wetenskappe toegepas kan word. Dit is gegrond op sy ontleding van ingewikkelde stelsels soos die brein, taal en neurale netwerke.

Hofmeyr staan die afgelope 25 jaar aan die voorpunt van navorsing op die gebied van stelselbiologie. Hy fokus op hoe sistemies funksionele eienskappe van 'n lewende sel ontwikkel as gevolg van die interaksie tussen die verskillende komponente daarvan. Hy probeer verklaar hoe die organisasie en beheer van die prosesse in selle lewe moontlik maak.

“Dink aan 'n fabriek wat homself voortdurend en selfstandig kan herskep sodat hy langer as enige van sy masjienne voortbestaan,” sê hy. “Dit vereis besondere organisering met oorsaaklikheid wat in 'n kringloop beweeg. Ons begrip van ingewikkelde stelsels is nie omvattend genoeg om die mate waarin ons dit tans probeer manipuleer te regverdig nie.”

www.diehoopprojek.co.za/kompleksiteit



Die Sentrum vir die Studie van Kompleksiteit se medeprojekleiers, proff Paul Cilliers (links) en Jannie Hofmeyr in gesprek met me Rika Preiser, navorsingsassistent, by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS).

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Nuwe leersentrum, nuwe geleenthede

LYNNE RIPPENAAR

Toe me Ashleighte Fuller, 'n vierdejaar BA-student in Internasionale Studies, die eerste keer by die Universiteit Stellenbosch (US) se JS Gericke-biblioteek ingestap het, het sy oorweldig gevoel.

Die gemeenskapsbiblioteek in Eersterivier wat sy vir haar skoolprojekte gebruik het, was baie kleiner as die universiteitsbiblioteek. Sy het egter gou reggekrom toe sy om hulp gaan aanklop het by die studente-assistente in een van die rekenaargebruikersareas.

“Hulle was baie vriendelik en het my gehelp om die regte inligting te kry. Hulle het ook seker gemaak my bronne is gepas vir my studievlak. Toe ek vashaak, het hulle my na die vakkeners verwys.”

Vandag is Fuller goed vertrouwd

met die biblioteek. Van 'n student wat aanvanklik geïntimideer is deur die “enorme biblioteek” met “al die boeke” het sy ontwikkel in 'n navorser vol selfvertroue. Sy sê sy het soveel by die biblioteek gebaat dat sy besluit het om self 'n studente-assistent te word.

“Ek wil vir eerstejaars wys hoe die biblioteekstelsel werk en hoe om dit doeltreffend te gebruik.”

Daar is tans twee rekenaargebruikersareas in die biblioteek, elk met 48 rekenaars en 12 netwerkverbindingspunte vir skootrekenaars. Daar sal egter binnekort danksy die biblioteek se Toegang tot Elektroniese Bronne-inisiatief 'n gevorderde nuwe Leersentrum wees, toegerus met 110 werkstasies, asook skandeerdrukkers en netwerkverbindingspunte vir skootrekenaars

en 16 snelverbindingspunte vir multimedia-toerusting.

Me Ellen Tise, Senior Direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens, sê die Universiteit beseft dat om sy posisie as 'n internasionaal erkende navorsings- en onder-iginstelling te handhaaf, 'n ultra-moderne biblioteek noodsaaklik is.

“Vandag se studente word groot in 'n tyd waarin rekenaars en die internet noodsaaklik is om te kan studeer, maar baie kan nie hulle eie toerusting bekostig nie. Daarom is dit belangrik dat die biblioteek hierdie leemte sal vul met hulpmiddels – en die ondersteuning van kundige personeel – wat studente se leerervaring sal verryk.

“Dit gaan nie net daaroor om die fasiliteite te voorsien nie, maar ook die diens wat daarmee saamgaan. Ons verskaf professionele



Me Ashleighte Fuller, 'n vierdejaar BA-student in Internasionale Studies en 'n assistent by die US se JS Gericke-biblioteek, help 'n medestudent om inligting aanlyn te vind.

Foto: ALEXIA WEBSTER

kundigheid in die vorm van biblioteekpersoneel wat opgelei is om die studente te help om die regte inligting te vind,” sê Tise, wat ook die president van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings is.

Me Elbie van Wyk, Biblioteekaresse vir Inligtinggeletterdheid, sê die nuwe Leersentrum sal die biblioteek

in staat stel om aan sy gebruikers opleiding in inligtinggeletterdheid te bied, hulle te leer hoe om toegang tot spesifieke inligting te kry en verwysings reg te verskaf.

“Ons wil ons studente bemagtig,” sê sy.

Die Leersentrum behoort teen die einde van 2010 voltooi te wees. www.diehoopprojek.co.za/biblioteek

Afrika se volgende geslag akademici en beroepslui

Nagraadse Skool, Afrika Doktrale Akademie en PANGeA span saam om die kenners te produseer wat die vasteland benodig om sy uitdagings aan te spreek, skryf **Stephanie Nieuwoudt**.

Afrika het oor dekades derduisende van sy hooggeskooldes mense verloor wat elders ter wêreld nuwe geleenthede vir verdere studie of werk gaan soek.

Hoewel Afrikane in die buiteland wel hydra tot die vasteland se ekonomie deur geld huis toe te stuur en dikwels werkseleenthede skep wanneer hulle met hul terugkeer nuwe ondernemings stig, word te min navorsingsuitsette in Afrika gelewer. Van die belangrikste redes is dat opleidingsgeriewe vir nagraadse studente dikwels ontoereikend is en daar 'n gebrek aan ervare studieleiers is.

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Afrika Doktrale Akademie (ADA) en Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is pogings om dié probleme aan te spreek. Doktrale studente word vanoor Afrika gewerf om in een van agt navorsingsvelde aan die US te studeer. Die Nagraadse Skool koördineer navorsing oor dissiplines en instellings heen rondom die volgende temas:

- Demokratisering en vrede in Afrika (Politieke Wetenskap)



Mnr Edgar Nabutanyi van Uganda, en mnr Evance Mwathunga en me Bridget Matinga-Katundu van Malawi tel onder die nuwe Nagraadse Skool se eerste inname van 31 doktrale studente.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

- Grond, omgewing en volhoubaarheid in Afrika (Sosio-logie en Sosiale Antropologie);
- Afrika in die lokale en globale verbeeldingswêreld (Engels)
- Wetenskap, tegnologie en samelewing (Filosofie)
- Bemagtiging van die kunste in ontwikkelende gemeenskappe (Drama)
- Gekonsolideerde toepassing van geografiese inligtingstechnologie (Geografie en Omgewingsstudies)
- Taal, kultuur en kommunikasie (Afrikatale)
- Openbare geestesgesondheid (Sielkunde).

Die Afrika Doktrale Akademie is die ondersteuningsmeganisme wat gebruik word om gevorderde

nagraadse navorsing te ontwikkel. Voornemende studente kan aansoek doen vir beurse wat tot R120 000 per jaar oor drie jaar beloop. 'n Kandidaat moet 'n burger van 'n Afrikaland wees.

Die Universiteit het ook deur die PANGeA-netwerk (die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici) hande gevat met vyf universiteite elders op die vasteland om hoëronderrys te verbeter.

“Hoëronderrys help om 'n dinamiese burgerlike samelewing te bou,” sê prof Johann Groenewald, projekleier van die Nagraadse Skool.

“En as jy dié regkry, kan regerings tot verantwoording geroep word oor sake soos korrupsie en 'n gebrek aan morele leierskap. Ons het Afrikane

nodig om oplossings te bied vir Afrika se probleme.”

Die eerste 31 doktrale studente wat via die Nagraadse Skool aan die US ingeskryf het, het vanjaar met navorsing begin. Nege van hulle is Suid-Afrikane, en die res kom van elders op die vasteland.

“Een van die probleme wat akademiese vooruitgang in Afrika strem, is die tekort aan mense met doktorsgrade,” sê mnr Evance Mwathunga, 'n dosent aan die Universiteit van Malawi wat besig is met navorsing aan die US oor die politiek rondom grondgebruik in die stedelike gebiede van Malawi.

“Die graad wat ek hier verwerf, sal my 'n akademiese voorsprong gee en ek sal op my beurt andere kan

help om dieper insig en moontlike oplossings te vind vir vraagstukke wat al knellender word. Spanning oor die gebruik van grond in die stedelike gebiede van my land is besig om toe te neem. Dit kan tot grootskaalse konflik lei.”

Sy landgenoot, me Bridget Matinga-Katundu, is besig met navorsing oor vroue se eiendomsreg in matriliniêre gemeenskappe.

“Dit gaan relatief goed in Malawi wat geslagsgelykheid betref, maar daar is tog struikelblokke,” sê sy. “Vroue se regte word steeds te dikwels ontken wanneer dit kom by onder meer gronderflatings. Ek hoop my navorsing kan uiteindelik 'n bydrae maak tot die herformulering van beleid oor geslagsgelykheid.”

Die tema van geweld is onderliggend aan die navorsing van mnr Edgar Nabutanyi, 'n dosent aan Makerere Universiteit in Uganda. Hy stel ondersoek in na hoe trauma weens gewapende konflik kinders raak en hoe dit uitgebeeld word in die fiktiewe vertellings van geweld in oorloggeteisterde lande soos die Soedan, Uganda en Rwanda.

“My navorsing kan dalk help om 'n bewussyn te skep rondom die uitwerking van oorlog op kinders. Hopelik sal dit die burgerlike samelewing aanspoor om strukture in plek te stel waardeur kinders doeltreffend gehelp kan word.”

Nabutanyi voeg by: “Ek is dankbaar vir die geleentheid om aan Stellenbosch te studeer waar mense kennis so doelgerig nastreef.”

Hy peins 'n oomblik. “Makerere Universiteit was lank een van die fakkels van akademiese vooruitgang in Afrika. Die universiteit het ongelukkig deur die dekades geweldig agteruitgegaan. Ons het nou 'n nuwe kanselier wat besig is om die plek te probeer regkry. Met my doktorsgraad kan ek terugkeer na Uganda en 'n groter bydrae maak om kennis toe te pas en oor te dra.” www.diehoopprojek.co.za/nagraadsekskool

Een se onkruid dalk 'n ander se kos



Navorsers steek dissiplinêre grense oor op soek na volhoubare menslike ontwikkeling, skryf **Hans Oosthuizen**.

Skere plante wat tans as "onkruid" beskou word, kan in werklikheid voedsaam wees, en hulle herklassifikasie kan tot groter voedselsekerheid lei.

Dit is die tese van mnr Sydney Mavengahama, Zimbabwe se PhD-student aan die Universiteit Stellenbosch (US) se TsamaHub. Dié eenheid soek na langtermyn-, volhoubare oplossings vir die dubbele krisis van endemiese armoede en ekologiese ineenstorting, met spesiale verwysing na Afrika se unieke uitdagings.

Mavengahama is een van twaalf studente wat in Januarie by die Universiteit se nuwe transdissiplinêre program in kompleksiteit en volhoubaarheid aangesluit het. Hy doen navorsing oor die voedingswaarde van verskeie plante ten einde vas te stel of hulle as landbougewasse verbou kan word.

"In die moderne Westerse landbou gebruik 'n mens duur onkruidododers vir die uitroeiing van sekere plante wat as onkruid beskou word. Afrikane eet egter tradisioneel baie van hierdie sogenaamde onkruid.

Indien dit blyk dat hierdie plante voedsaam is, kan ons baie geld spaar as ons hulle nie hoeft uit te roei nie," sê hy.

Volhoubaarheid is 'n sleutelfokus-punt van die TsamaHub. Dié eenheid se naam is afgelei van die rol wat transdissiplinariteit, volhoubaarheid, analise, modellering en assessering in sy werksaamhede speel. Dit dien as fokuspunt vir volhoubaarheidstudies. Die eenheid se naam is dus ook 'n verwysing na die tsama-plant, 'n wilde spanspek wat in Suider-Afrika se droogste dele aangetref word en mens en dier help oorleef.

"Die wêreld is in groot moeilikheid en ingrypende besluite moet geneem word, sê prof Mark Swilling, projekleier van die TsamaHub.

"Afgewarigdiges wat die VN se Klimaatveranderingskonferensie laasjaar in Kopenhagen bygewoon het, kon oor min dinge saamstem, behalwe die beginsel dat Moeder Aarde nie vernietig moet word nie. Almal stem hieroor saam, maar dit is nie duidelik hoe om dit te vernag nie."

Swilling sê PhD-opleiding gaan

gewoonlik daaroor om in bepaalde probleme te spesialiseer, nie om 'n oorkoepelende vraag soos hoe om 'n volhoubare wêreld te bou, te beantwoord nie. Die TsamaHub is US se hydrae tot die soeke na meer omvangryke oplossings.

Samewerking is die wagwoord by die TsamaHub, wat 'n vennootskap is tussen US, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Volhoubaarheidsinstituut in Stellenbosch.

Die TsamaHub is gevestig in die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, maar het ook bande met sewentien departemente in sewe ander fakulteite, sowel as met die Universiteit se Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies en sy Sentrum vir Studies in Kompleksiteit.

Mnr John van Breda, die TsamaHub se programbestuurder, sê die inisiatief se benadering van samewerking oor dissiplinêre grense heen behoort die weg te baan vir meer samewerkingsgeleenthede in die toekoms.

www.diehoopprojek.co.za/tsama



Mnr Sydney Mavengahama (links), 'n Stellenbosse PhD-student in volhoubaarheid en kompleksiteit, en mnr John van Breda, bestuurder van die doktorale graadprogram van die TsamaHub, 'n transdissiplinêre navorsingseenheid aan die US.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Yslike lesse vir Afrika



HANS OOSTHUIZEN

'n Span van die Fakulteit Ingenieurswese by die US het onlangs die eerste van drie beplande windturbines by SANAE IV, die Suid-Afrikaanse basis in Antarktika, geïnstalleer.

"Die navorsing en vervaardigingsprosesse bied ondersteuning vir Suid-Afrika se groeiende windenergie-bedryf en kan elders in Afrika toegepas word," sê mnr Johan Stander, een van die Stellenbosse ingenieurs wat die windturbinesinstel vir die basis ontwikkel. Sy medespanlede is mnr Adriaan Lombard, Johannes Potgieter en Ivan Hobbs.

Hulle is Antarktika toe met die navorsingskip, die SA Agulhas, wat weens pakys net in die hoogsomer daarheen vaar. Ná 'n reis van twee en 'n half weke is weerstoende daar geskik vir net sowat 'n maand voor die skip moet terugkom.

"Vir Antarktika ontwikkel ons robuuste, eenvoudige, kostedoeltreffende windturbines wat redelik maklik onder uiterste klimaatstoestande in stand gehou kan word," sê Stander. Dié beginsel kan toegepas word op windturbines vir Afrika, slegs met ander materiale vir plaaslike toestande.

Dié navorsing is deel van 'n groter projek, gelei deur prof Maarten Kamper by die US en befonds deur die Nasionale Navorsingstigting en die SA



Die oprigting van 'n windturbine van die US se Fakulteit Ingenieurswese vroeër vanjaar by die SA basis in Antarktika. Die lesse wat op die yskontinent geleer word, kan tot toepaslike tegnologie vir Afrika lei, waar uiterste klimaatstoestande eweneens uitdagings skep.

Foto: JOHAN STANDER

Nasionale Antarktikaprogram. Dit skakel ook in by 'n inisiatief van die Fakulteit Ingenieurswese genaamd Energie en die Omgewing.

Elektrisiteit by die SANAE-

basis in Antarktika word tans met dieselmotore en skoner alternatiewe voorsien, maar dit is duur en nie omgewingsvriendelik nie. Die brandstof moet per skip al die

pad na Antarktika geneem word. Windkrag sal 'n veel meer bekostigbare en skoner alternatief wees, veral aangesien dié energiebron in oorsig daar voorkom.

Daar is verlede jaar begin met die bou van die eerste windturbine vir Antarktika. Die drie windturbines wat beoog word, sal saam 45 tot 60kW opwek en sowat 18 000 liter diesel per jaar bespaar.

Hulle gaan ongeveer ewe groot wees – elk met 'n 12m-hoë toring, geanker in rots, en 'n rotor van 7,2 m in deursnee. Elke masjien en toring sal saam sowat 1,6 t weeg.

Die Antarktiese Verdrag vereis vooraf 'n omgewingsimpakstudie. Die Stellenbosse moes geoloog, ingenieurs en die ontwerpers van die SA basis in Antarktika raadpleeg. Hulle het in Stellenbosch geoefen om die toring op te rig en in die Paarl om die gate vir die fondasieplaat te boor – in soliede rots, soos wat in Antarktika aangetref word.

Die werklike omstandighede was natuurlik anders. "Voor ons by die rots kon uitkom moes ons eers 'n gat deur die sneeu grawe," sê Stander.

"Spanwerk is noodsaaklik. Ons moes die fondasiekonstruksie, windturbine-oprigting en netwerk-integrasie meestal self doen, maar die basispersoneel het gehelp waar hulle kon."

Die windturbine het goed begin werk, maar herstelwerk was nodig. Daar was egter nie genoeg tyd voor die span moes terugkeer nie. Hulle het die turbine net so gelaat om te sien of dit die ysigse storms met windsnelhede van tot 252 km per uur op 'n hoogte van tien meter kan oorleef.

Die span keer einde vanjaar terug en wil teen 2011 al drie turbines in Antarktika in werking hê. www.diehoopprojek.co.za/energie

Kaarte vir 'n beter lewe



Gevorderde tegnologie dui die weg na vooruitgang en menslike ontwikkeling aan, skryf **Hans Oosthuizen**.

Die antieke kuns van kartografie, wat tekenaars gebruik het om seilskepe langs gevaarlike seeroetes te laat vaar, het ontwikkel tot 'n moderne wetenskap wat elke aspek van ons daaglikse lewe raak.

Danksy gevorderde rekenaartoerusting en -tegnieke wat oor die afgelope paar dekades ontwikkel is, kan spesialiste desdae noukeurige digitale kaarte skep. En deur die insluiting van verskeie soorte data het kaarte kragtige instrumente geword in stedelike beplanning, noodbestuur, die landbou en openbare gesondheid.

Die Geografiese Inligtings-tegnologie-inisiatief (GIT-inisiatief) by die Universiteit Stellenbosch (US) speel 'n leidende rol in onderrig, navorsing en dienslewering in hierdie veld – veral in Afrika.

"Ons ligging is belangrik. Ons is redelik verwyder van die wêreld se tegnologie-hoofstede, maar ons staan geweldige menslike ontwikkelingsuitdagings in die gesig in Afrika. Dit is waarom hierdie inisiatief werklik 'n verskil maak," sê prof Hannes van der Merwe, leier van die GIT-inisiatief.

"Ons analiseer en monitor groot gedeeltes van ons subkontinent. Dit help met die bestuur van droogtes, vloede, aardbewings, ontbossing en soortgelyke probleme."

Verskillende tegnologieë kom by hierdie inisiatief ter sprake: afstandsmettegnieke (satelliet-beelde en lugfoto's), waarnemings-tegnologie soos globale posisioneringstelsels (GPS) en fotogrammetrie, asook geografiese inligtingstelsels (GIS). Kartografie word gekombineer met databasistegnologie vir die

insameling, berging, analisering, bestuur en aanbieding van ligging-gekoppele data vir verskillende doeleindes.

GIT kan toegepas word op enigiets wat 'n ruimtekomponent het. Praktiese toepassings sluit in sensus- en verkiesingsbeplanning, die uitbetaling van maatskaplike pensioene by poskantore landwyd, produkverspreiding en kliëntbasis-inligting vir groot maatskappye. Ander kommersiële gebruike sluit in prospektering vir natuurlike hulpbronne, terreinevaluering vir groot bouprojekte en die identifisering van bemakings- en kleinhandelgeleenthede.

In 'n akademiese konteks word geografiese inligting gebruik vir wetenskaplike navorsing in 'n verskeidenheid dissiplines, van landbou-ekonomie, bosbou en natuur



'n Ou, handgetekende kaart van Suider-Afrika (links) en 'n onlangse satellietfoto van Tafelbaai. Die US se Geografiese Inligtingstegnologie-inisiatief gebruik akkurate beelde soos dié foto vir onder meer rampbestuur en omgewingsbewaring.

Foto: SUNSPACE & INFORMATION SYSTEMS

bewaring tot mediese navorsing, politieke wetenskap en sosiologie.

By die US is die Departement Geografie en Omgewingstudies verantwoordelik vir hierdie inisiatief. Die Universiteit gooi die net nou verder uit sodat meer navorsers, professionele persone en beleidsmakers opgelei kan word om GIT te gebruik om mense

se lewe te verbeter. Akademiese kursusse word by US ontwikkel met die doel om kwalifikasies in Geografiese Inligtingwetenskap (GI-wetenskap) aan te bied. BA(GIS)- en BSc(Geoinformatika)-graadprogramme word ook ingestel, van eerstejaarsvlak tot gevorderde nagraadse studie. www.diehoopprojek.co.za/git

Tsetsevlieë in spervuur



Navorsers ondersoek die moontlike invloed van klimaatsverandering op die insekte wat slaapsiekte oordra, skryf **Engela Duvenage**.

Toeriste sal in die toekoms kan besluit waar in Afrika hulle op safari wil gaan deur gebruik te maak van kaarte wat gebiede aantoon waar slaapsiekte die meeste voorkom. Tsetsevlieë dra dié potensieel dodelike tropiese siekte oor.

"Daar is al inligtingskaarte oor waar malaria 'n hoë risiko is en waar tsetsevlieë oor die algemeen voorkom – maar nog nie kaarte wat wys waar die risiko van slaapsiekte hoog is nie," sê Elsje Kleynhans, 'n meestersstudent in fisiologiese entomologie aan die US. As deel van die US se HOOP Projek bestudeer sy die moontlike impak van klimaatsverandering op tsetsevlieë.

Slaapsiekte kom nie oral voor waar tsetsevlieë aangetref word nie. Net ses van die meer as 30 spesies tsetsevlieë in sub-Sahara-Afrika is draers van slaapsiekte. Byt dié geharde bloedsuivervlieg iemand, kan dit die parasiet oordra wat die siekte veroorsaak.




'Hoër temperatuur kan tsetsevlieë se metabolisme opjaag en hulle groter aptyt vir gereelde bloedmaaltye gee,' waarsku dr John Terblanche van die US.

Sestig miljoen mense, veral op die platteland van Oos-, Wes- en Sentraal-Afrika, loop gevaar om slaapsiekte op te doen. Nagana, die variant wat onder beeste aangetref word, kan trope van dié diere uitwis en het reeds 'n omvangryke gebied in Afrika, so groot soos die VSA, ongeskik vir beesboerdery gemaak.

Kleynhans koester hoë verwagtinge oor die bruikbaarheid van haar navorsing, maar bly realities oor haar doelwit. "Ek besef my meestersgraad sal net 'n klein bydrae lewer tot wat ons reeds weet, maar dit is presies hoe die wetenskap werk: een stukkie kennis bou voort op 'n ander."

Haar werk vorm deel van 'n akademiese inisiatief van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie(S-I-B) aan die US oor die moontlike uitwerking van klimaatsverandering op insekte wat draers van slaapsiekte en malaria is, en hoe dit die doelwitte van menslike ontwikkeling in gevaar kan stel.

‘Sestig miljoen mense in Afrika loop gevaar om slaapsiekte op te doen.’



Me Elsje Kleynhans, 'n meestersstudent in fisiologiese entomologie aan die US, kyk met 'n mikroskoop na 'n tsetsevlieë. Sy bestudeer die moontlike invloed van klimaatsverandering op die draers van slaapsiekte.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

van 'n studie oor die moontlike impak van klimaatsverandering op die tsetsevlieë – om beheer- en intervensiestrategieë te verbeter. Dié studie het getoon dat tsetsevlieë slegs 'n beperkte vermoë het om aan te pas by en groter verdraagsaamheid te ontwikkel vir klimaatsstres.

"Tsetsevlieë kan blykbaar nie temperatuur hoër as 44 °C oorleef nie, wat beteken dat die aarde se stygende temperatuur in werklikheid hul huidige verspreidingsgebied kan verklein," sê Terblanche, wat Kleynhans se promotor is.

Maar "dit kan die populasies ook verder suidwaarts dryf, na koeler gebiede en ook na meer gebiede in Suider-Afrika," vermoed hy.

Terblanche sê: "Hoër temperatuur kan tsetsevlieë se metabolisme opjaag en hulle 'n groter aptyt vir gereelde bloedmaaltye gee."

Volgens huidige data is die kans dat mense slaapsiekte deur 'n tsetsevlieë kan opdoen een uit elke 20 byte. "Meer bytplekke beteken daar is 'n groter kans dat die parasiet oorgedra sal word,"

waarsku Terblanche.

"Al krimp tsetsevlieë-populasies dus, kan meer mense die siekte opdoen omdat hulle meer dikwels gebyt word – ook waar dié vlieë nie voorheen voorgekom het nie," verduidelik hy.

Om te bepaal hoe klimaatsverandering dalk die populasiegrootte en geografiese verspreiding van die tsetsevlieë die volgende paar dekades kan beïnvloed, gebruik Kleynhans 'n modelleringstegniek wat deur prof Warren Porter van die Universiteit van Wisconsin ontwikkel is. Sy is die eerste om dié tegniek op die tsetsevlieë toe te pas.

Omdat voorspellings oor die verandering in die aarde se klimaat – of dit natter, droër, warmer of kouer toestande sal veroorsaak en in watter mate – so uiteenlopend is, dek Kleynhans alle moontlikhede en gebruik soveel toekomsbeelde moontlik in haar eksperimente.

"Dit sal hopelik my beoogde toeristekaarte 'n werklikheid laat word en uiteindelik help om slaapsiekte uit te wis," sê sy. www.diehoopprojek.co.za/sib

Slaapsiekte – die feite

- 'n Tsetsevlieë se bytplek bars oop in 'n rooi seer, en binne 'n paar weke kan die slagoffer koors, geswelde limfkliere, spier- en gewrigspyn, hoofpyn en prikkelbaarheid ervaar.

- In gevorderde fases val die siekte die sentrale senuweestelsel aan, met dié simptome: persoonlikheidsverandering, verandering in biologiese ritmes, verwarring, onduidelike spraak en stuipke. Die slagoffer kan ook sukkel om te loop.

- Dié simptome kan met verloop van jare ontwikkel. Sonder behandeling kan die slagoffer sterf.

- Deur 'n vroeë diagnose, vóór die gevorderde fase begin, word ingewikkelde, moeilike en gevaarlike behandelingsprosedures vermy.

- Wêreldgesondheidsorganisasie

Goeie bestuur noodsaaklik vir ’n blinker toekoms



DESMOND THOMPSON

Die Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika (EKBA) van die Universiteit Stellenbosch Besigheidskool (USB) is aangestel om die maatskappy-analise vir vanjaar se maatskaplik verantwoordelike beleggingsindeks (SRI-indeks) op die Johannesburgse Effektebeurs uit te voer.

Die indeks, wat in 2004 ingestel is, verteenwoordig ’n algemeen aanvaarde maatstaf vir goeie korporatiewe burgerskap. Die indeks gebruik ’n wye reeks noteringskriteria wat SRI-standaarde wêreldwyd weerspieël, terwyl dit ook voorsiening maak vir kwessies wat eie aan Suid-Afrika is, byvoorbeeld swart ekonomiese bemagtiging en MIV/vigs.

Mnr Daniel Malan, die hoof van die EKBA, redeneer “goeie bestuur is goed vir besigheid”. Die EKBA is ’n

navorsingsgebaseerde inisiatief. Dit is in 2008 gestig en fokus nie net op die belangrike rol wat korporatiewe bestuur in Suid-Afrika speel nie, maar ook in die wyer Afrika- en wêreldkonteks.

“Bestuur gaan oor prestasie. Daar is te veel maatskappye wat goeie bestuur beskou as ’n plig wat nagekom moet word bloot omdat daar by die spelreëls gehou moet word,” sê Malan.

Ons voer aan dat as jy op prestasie fokus, dit die organisasie sal help om finansiël goed te kan doen en om tot die samelewing, die sakewêreld in sy geheel en die natuurlike omgewing te kan bydra. Dit is volhoubaarheid.”

Volhoubaarheid het teen die agtergrond van klimaatsverandering ’n gonswoord geword, maar in die sakewêreld verwys dit na die boodskap dat geld nie alles is nie;

maatskaplike en omgewingskwessies is ook van belang.

Die vraag is hoe oortuig jy die korporatiewe wêreld om hulle uiterste winsbejag stop te sit en nie net lippediens aan die mensdom en die planeet te bewys nie? Stel jy streng maatreëls in en maak jy nakoming verpligtend, of probeer jy om hulle uit vrye wil te laat saamwerk?

Ná verreikende korporatiewe skandale die afgelope paar jaar het regerings en finansiële owerhede oor die wêreld heen dwang begin gebruik om ’n minimum vlak van openbaarmaking en risikovoorkoming te verseker. Aan die ander kant is daar ook die beloning van vrywillige standaarde wat aan maatskappye voorgehou kan word, naamlik dat “indien hulle ’n bietjie meer ruimte gegun word om met hulle eie idees vorendag te



Mnr Daniel Malan, hoof van die Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika aan die Universiteit Stellenbosch Besigheidskool.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

kom, hulle innoverend sal optree en nie bloot op nakoming sal fokus nie,” sê Malan.

Hy meen verantwoordelike korporatiewe burgerskap behoort ’n werklikheid te wees en nie ’n reklamefoefie nie. “Baie

maatskappye, veral in ’n Afrika-konteks, funksioneer in ’n omgewing van die uiterste armoede. Met doeltreffende bestuur kan hulle ’n positiewe impak hê op die gemeenskappe waarin hulle funksioneer.”

Dit is egter nie net maatskappye wat hulle prestasie moet verbeter nie. Regerings en nieregteringsorganisasies moet ook na uitnemendheid streef. In die wêreldrangorde van demokrasie en bestuur word Afrikalande wat albei aspekte betref gewoonlik aan die onderpunt van die skaal geplaas, wat dikwels gebruik word om te verduidelik waarom die kontinent onderontwikkel is en nie buitelandse investering lok nie.

Malan sê goeie bestuur is die sleutel tot die ontsluiting van ’n blinker toekoms vir Afrika. “As jy ’n stewige demokratiese stelsel het wat betref menseregte en vryhede, ’n stelsel van rekenpligtigheid en deursigtigheid, word dit makliker vir maatskappye om binne daardie omgewing te funksioneer en waardes kan dan makliker na onder deursyfer.”

www.diehoopprojek.co.za/bestuur

Iemand hét geluister



Die Bybelse verhaal van Tamar se verkragting is ’n relaas van onreg. Baie jare later sou dit deur ’n sonderlinge proses vir die bemagtiging van vroue aangewend word, skryf **Martie Retief Meiring**.

In II Samuel 13 lees ons hoe Tamar, die dogter van koning Dawid, deur haar broer Amnon verkrag en toe verwerp is. Hierop het sy haar klere geskeur, as op haar kop gegooi en skreeuend deur die strate geloop.

Absalom, een van haar ander broers, se raad was dat sy haar nie moet “verknies” nie, want “hy is jou broer”. Aan die leser word slegs gesê dat koning Dawid “woedend” was. Absalom het nie ’n enkele woord oor die afskuwelike daad met Amnon gepraat nie, maar het hom wel daaroor “gehaat”.



Dr Charlene van der Walt.

Foto: JAC DE VILLIERS

In 2009 het 32 vroue uit diverse kulturele en taalagtergronde in Grahamstad byeenkom om saam oor hierdie verhaal te besin. Dit was op inisiatief van ds Charlene van der Walt, ’n jong NG Kerk-predikant wat kort vantevore ’n magisterstudie oor mag en ideologie soos vervat in Ou Testamentiese tekste voltooi het.

Sy wou dieper delf in die moderne leser se verstaan van die Bybel en het besluit om vroue uit verskillende agtergronde te vra wat hulle van Tamar se storie dink.

“Ek wou weet hoe vrouelersers

hierdie teks sou interpreteer,” sê Van der Walt. “Die Bybel is soms dood en baie ver van gewone mense se verwysingsraamwerk. En ek wou uitvind hoe die vrou mekaar se opvattinge raaksien en raakhóór. Hoe sou dit hul eie opvattinge beïnvloed?”

Van der Walt wou vasstel hoe die moderne leser hierdie Ou Testamentiese teks in die hede verstaan. Daar het immers die afgelope veertig jaar ’n verskuiving in Bybelteksontleding plaasgevind: vanaf ’n histories-kritiese interpretasie wat die botoon gevoer het, tot ’n literêr-kritiese ontleding, en nou die individuele gewone leser – eerder as die akademiese leser – se interpretasie wat die swaarste weeg.

Uiteindelik sou sy ’n merkwaardige studie lewer oor hoe die vroue hulself bemagtig het en onder mekaar ’n treffende sosiale interaksie beleef het.

Die jong dominee se navorsing is deur haar promotor aan die Universiteit Stellenbosch (US), prof Louis Jonker, in verband gebring met die instelling se verbintenis tot dienslewering aan die gemeenskap, soos verwoord in prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, se inhuldigingstoespraak in 2007. Dié verbintenis is mettertyd uitgebrei tot die HOOP Projek, ’n stel omvattende ontwikkelingsstemas waarmee die Universiteit wil help om van die wêreld ’n beter plek te maak.

In 2009 is Van der Walt gekleur as die eerste beursouer van die Fakulteit Teologie se Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid, ’n akademiese inisiatief wat onder die HOOP Projek val. Dit het haar in staat gestel om haar doktorsgraad te voltooi.

Menswaardigheid is ’n belangrike tema vir die Fakulteit.

“As Christene glo ons dat alle mense na die beeld van God geskape is (Genesis 1:26-27). In ons siening is dit die bron van menswaardigheid,” sê Prof Julie Claassens, die senior akademikus verbonde aan die Fakulteit se menswaardigheidsinisiatief.

“Dit is die mens se roeping om individueel en gemeenskaplik te werk vir ’n meer regverdige en goeiehartige wêreld waarin dit nié aanvaarbaar is om die waardigheid van enige vrou, man of kind aan te tas nie, ongeag ras of geslag of seksuele voorkeure.”

Dr Van der Walt se projek in Grahamstad was toegespits op dialoog, luister, deel en leer. Die vroue het die verhaal van Tamar in verskillende vertalings saamgelees. Die gesprek is aangehelp deur tekeninge wat deur me Tammy Griffin gemaak is. ’n Fasiliteerder, me Kim Barker, het die vrae en antwoorde in die gespreksessies opgeteken.

Die deelnemers het die teks uit verskillende invalshoeke benader, waaronder ’n feministiese perspektief en ’n Afrika-ingesteldheid. Gaandeweg het almal egter tot dieselfde gevolgtrekking oor Tamar se tragiese geskiedenis gekom: die vernietigende stilte wat in verskillende kulture oor verkragting gehandhaaf word, moet verbreek word om aan die veronregte vrou en haar gemeenskap heling te bring.

Van der Walt se navorsing maak



Foto: STEFAN ELS

boeiende leesstof uit. Een van die deelnemers aan ’n gespreksessie sê driftig: “Ek het ’n vreeslike woede dat niks deur al die eeue heen gebeur het nie. Ons praat nog steeds oor die groot kwessie van stillby.”

Die vroue het talle vrae oor Tamar se onkunde en onmag gehad.

‘En ek wou uitvind hoe die vroue mekaar se opvattinge raaksien en raakhóór.’

Sy moes immers geweet het wat aangaan toe haar kastige siek broer spesifiek vir “hartvormige broodjies” (“koekies” in die 1953-vertaling) vra wat sy tuis vir hom moes gaan bak “want ek wil uit haar eie hande eet.”

Toe hy sy attenties op haar afdwing, het sy met hom probeer onderhandel, maar dit was tevergeefs. “‘Nee, my broer,’ sê sy vir hom, ‘moet my nie oenteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie ... (p)raat liever met die koning, want hy sal ons toelaat om te trou.’ Ammon wou nie na haar luister nie. Hy het haar gepak en verkrag.”

Nadat alles verby was, het hy ’n “groot afsku” in haar gekry

en sy slaaf beveel: “Smyt hierdie vroumens uit en sluit die deur agter haar!”

Die verhaal het die lesergroep hul eie werklikhede na vore laat bring. “Tamar was bereid om alles vir Ammon te doen. Dis mos hoe ons vrouens dit dikwels doen,” het een van die deelnemers gesê.

’n Leser het uitgewys Amnon het die skuld van sy eie wandaad verskuif op Tamar deur haar weg te jaag. Die gemeenskap dink dikwels die vrou “het daarvoor gesoek” en verdien geen respek van die man nie, was nog ’n leser se waarneming.

Al die deelnemers aan die projek – wit en swart – het daarop gelet dat Absalom niks teen sy broer Ammon sou sê nie, hoewel hy hom weens die verkragting gehaat het. Hulle het feitlik almal saamgestem dat die meeste verkragtings binne familieverband gebeur. Dit is dan ook dikwels die rede vir die stilswye wat daaroor gehandhaaf word.

Een van die deelnemers stel dit só: “Ons het demokrasie en gelykheid voor die reg, maar ons vroue het nie gelyke regte nie. Mans het die mag, ons moet luister. Ons mans is soos die ou stamhoofde. Hulle doen wat hulle voorvaders gedoen het. Die Bybel beskryf dit mos self.”

Van der Walt se gespreksessies met die groep vroue sou lei tot pleidooie vir selfbemagtiging. Die deelnemers het gesê die studie het hulle hoop gegee dat hul veroordeling van verkragting aangehoor sal word.

Hulle het ook onderneem om die “magspel” rondom verkragting – die stilte en ontkenning – te verbreek om sodoende die gemeenskap te help regmaak wat stukkend is. Uiteindelik het hulle getuig dat hulle deur hierdie saamlees en saambesin self ’n transformasie ondergaan het.

Van der Walt sien die gespreksessies as ’n uitbeelding van hoe sosiale transformasie die wêreld kan verander. Dit was haar antwoord op die filosoof Michel Foucault se tese dat die belangrikste ding in die lewe is om iemand anders te word as wat jy in die begin was.

www.diehoopprojek.co.za/menswaardigheid

Nuwe sentrum vir ‘waghonde van demokrasie’



SONIKA LAMPRECHT

Baie joernaliste wat glo in ’n vry en onafhanklike media word deur verdrukkende regerings vervolg, maar mnr John Masuku, ’n nagraadse student aan die Departement Joernalistiek van die Universiteit Stellenbosch (US), laat hom nie hierdeur afsit nie.

Masuku is die uitvoerende direkteur van Voice of the People (VOP), ’n onafhanklike radiostasie wat in 2000 gestig is as ’n alternatiewe nuusbron vir Zimbabwe toe opposisie teen die bewind van pres Robert Mugabe begin toeneem het. In die daaropvolgende jare is mediavryheid deur die regering ingeperk.

Die stasie is in die hoofstad, Harare, gesetel en saai uit op kortgolf via ’n herleisende van Radio Nederland in Madagaskar. In 2002 het ’n bom by die stasie ontplof, wat al die toerusting verwoes het. In 2005 is die stasie se sein geblokkeer, en moes hulle na ’n ander frekwensie oorskakel.

“Wanneer ek aangeval word, spoor dit my aan om nog harder te stry vir ’n vrye en regverdige media in Zimbabwe,” sê Masuku hieroor.

Masuku, wat sy meestersgraad oor die staatsbeheerde Zimbabwiese uitsaaiorporasie doen, het sterk menings oor die rol wat die media behoort te speel.

“Ons is die demokrasie se waghonde. Ná baie jare van ’n eenpartybewind in Zimbabwe is vryheid van spraak nie baie sterk nie. Die media kan help om dié stand van sake te verbeter deur objektief verslag te doen.

“Ons moet alle vorme van korrupsie oopplek, en die mense van die land help om heling te vind. Ons moet insette lewer tot konstitusionele en mediahervormings,” sê hy.

In die African Press Freedom Report van 2009 sê mnr Gabriel Baglo, Uitvoerende Direkteur van die Federasie van Afrika-journaliste (FAJ), dat persvryheid “in Afrika steeds bedreig word, ten spyte van 20 jaar van demokrasie. Onafhanklike joernalistiek is

steeds ’n gevaarlike beroep op hierdie vasteland, selfs waar daar vrede heers. Regerings, politici en ekonomiese en godsdienstgroepe beskou die media en joernaliste dikwels as bedrieërs wat nie die reg het om oor belangrike sake verslag te doen nie.”

Prof Lizette Rabe, die hoof van die Departement Joernalistiek, sê die verband tussen mediavryheid, menseregte en demokrasie is ’n belangrike tema vir MEDIAAFRIKA, die US se nuwe multimedia-opleiding- en navorsingsentrum vir joernaliste wat agter die Departement se huidige gebou opgerig word.

“’n Ingeligte samelewing is ’n bemagtigde samelewing. Joernalistiek is een van die sleutels tot bemagtiging. Ons het gehalte-joernalistiek nodig om menslike ontwikkeling in Afrika te bevorder. MEDIAAFRIKA kan help hiermee.”

Die Departement, wat nagraadse opleiding verskaf, se kursusse is in groot aanvraag. In ’n studie wat in 2007 gedoen is, het UNESCO, die VN se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie, die US se Departement Joernalistiek ingereken onder die twaalf beste joernalistiekskole in Afrika.

Die Departement se eenjarige BPhil-graad (honneurs) in joernalistiek is gemik op studente wat reeds ’n universiteitsgraad behaal het. Die MPhil- en DPhil-programme fokus op gevorderde navorsing in die joernalistiek.

Die nuwe MEDIAAFRIKA-gebou sal ’n moderne dubbelverdiepingstruktuur wees. Op die grondvloer sal ’n multifunkusionele lesingsaal wees, asook ontspannings- en geselsruimtes vir studente. Vir die boonste vloer word ’n multimedianauskantoor met klank- en videoreedigersuites beplan.

“Ons bars behoorlik uit ons nate. Met meer ruimte kan ons ons studente beter fasiliteite bied en ook van die talle besoekende vak kundiges inneem,” sê Rabe.

www.diehoopprojek.co.za/mediafrika



Mnr John Masuku, ’n joernalis van Zimbabwe en ’n kampvegter vir persvryheid, tydens ’n besoek Denemarke in 2009.

Foto: VERSKAF

Verblyfreg verstewig



US se Regshulpkliniek slaag met saak wat plaaswerkers beter teen onregmatige uitsetting sal beskerm, skryf **Desmond Thompson**.



Dr Marion Hattingh, agter, ’n prokureur van die Universiteit Stellenbosch se Regshulpkliniek, saam met haar kliënte, voor van links, mnr Ricardo Hattingh, sy broer, mnr Peter Hattingh, ma, mev Magrieta Hattingh, skoonsuster, mev Edwina Hattingh, en broer, mnr Michael Hattingh. Jong Elvino en Micayla is Michael en Edwina se kinders.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Plaaswerkers se verblyfreg is onlangs verstewig danksy ’n hofsaak waarmee die Universiteit Stellenbosch (US) se Regshulpkliniek ’n gesin op ’n plaas, buite die dorp bygestaan het.

Die Stellenbosse landdroshof het in Junie ’n aansoek deur mnr Laurence Edward Juta, ’n plaaseienaar, om die uitsetting van die volwasse kinders van mev Magrieta Hattingh (65), ’n plaasbewoner en voormalige -werker, van die hand gewys. Die hof het bevind sy is geregtig op ’n gesinslewe ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (ook bekend as ESTA). Haar kinders mag gevolglik by haar aanbly solank as wat sy op die plaas woon. Daar is nie om haar uitsetting aansoek gedoen nie.

Die Hattingh-gesin was verheug oor die uitspraak. Hulle woon die afgelope agt jaar in ’n werkershuis op die plaas. “Ek was vir die Here dankbaar gewees toe ek hoor my kinders kan by my aanbly. Dit was my hart se begeerte gewees dat ons nie opgebreek word nie. Ons het saam gekom en so moet ons saam bly,” het Hattingh gesê.

Sy en haar oorlede man, mnr Michael Hattingh, het vir Juta gewerk. Sy is sowat vyf jaar gelede afgedank, maar het in 2006 ’n skikking by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie bereik. Haar man is twee jaar gelede oorlede.

Mnr Michael Hattingh jr. (32) sê hy was baie bly oor die nuus dat hulle nie uitgesit word nie. “Ons kom al lank aan. Om te dink ’n familie wat saamgetrek het, moet uitmekaar geskeur word ... Wat sou word van my moeder? Sy wou nie

alleen hier bly nie en ons wou haar nie agterlaat nie.”

Sy vrou, mev Edwina Hattingh (30), en hul kinders, Micayla (10) en Elvino (3), woon ook op die plaas, asook sy broers, mnre Peter (40) en Ricardo (23) Hattingh.

Dr Marion Hattingh, ’n prokureur wat aan die Regshulpkliniek verbonde is en die Hattingh-saak hanteer het, sê van groot belang vanuit ’n regsopspunt is die hof se beslissing oor voeging in dié geval. Dit behels dat die plaaslike munisipaliteit, sowel as die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en die Departement van Menslike Nedersettings amptelik by die saak betrek is.

Ingevolge die Grondwet mag niemand sonder ’n hofbevel uitgesit word nie en het elkeen “die reg op toegang tot geskikte behuisung”. Die staat moet “maatreëls tref om binne sy beskikbare middele hierdie reg in toeneemende mate te verwesenlik”. Alvorens ’n hof op uitsetting besluit moet ag geslaan word op “alle relevante faktore”, insluitend die “beskikbaarheid van geskikte alternatiewe behuisung”. Die munisipaliteit en twee staatsdepartemente is deur die landdroshof tot die saak gevoeg sodat hulle inligting kan verskaf.

Volgens die Regshulpkliniek is dit die eerste voeging van dié aard teen opsigte van ESTA, maar dit skep nie ’n presedent nie omdat dit op landdroshofvlak plaasgevind het. Die Hoogste Hof van Appél het egter reeds in sake onder verwante wetgewing vir stedelike en dorpsgebiede beslis dat die uitvoerende gesag tot uitsettingsake gevoeg word.

Die Regshulpkliniek is voor-

nemens om staatsdepartemente weer in soortgelyke sake te betrek.

Hulle sal moet sê wat hulle doen om behuisung aan behoeftiges te verskaf. As alternatiewe of noodbehuisung nie beskikbaar is nie, sal dit die toestaan van ’n uitsettingbevel bemoeilik. Op dié manier word die beskerming van plaasbewoners se verblyfreg uitgebrei.

Die Regshulpkliniek sê op sy webwerf plaasuutsettings is een van die belangrikste regskwessies in die Boland. “Verblyfreg van werkers op plase hang hoofsaaklik af van dienskontrakte. Swak werksverhoudings lei dikwels tot ontslag, gevolg deur aansoek om uitsetting. Uitsettings en die gevolglike dakloosheid bedreig die menseregte van plaaswerkers en hul kinders – hulle word swerweling met min hoop om weer wonings te vind en hul familielewe te hervat.”

Dr Hattingh sê plaasuutsettings is ’n “baie groot probleem” want “in nege van die tien gevalle waar die hof wel ’n uitsetting toestaan disintegreer die gesin heeltemal en word kinders in pleegsorg geplaas”.

Sy sê die kliniek hanteer sowat 40 plaasuutsettingsake per jaar. “Dis 40 gesinne per jaar wat behuisung soek. Oor ’n tydperk van vyf jaar is dit ’n groot klomp mense. En daar is gewoon nie alternatiewe behuisung beskikbaar nie. Daar is nie enige projek om behuisung te verskaf spesifiek vir persone wat van plase gesit word nie.”

Adv Theuns Moller het namens die respondente opgetree. Juta het kennis gegee dat hy teen die beslissing gaan appelleer. Die Regshulpkliniek is voornemens om die appél namens die respondente teë te staan.

www.diehoopprojek.co.za/armoederegte



Ryan Andrews (links), Faatimah Timm en Zoelfa Allie (regs) luister aandagtig na wat Shanice Sawyer te sê het oor hoe om konflik op te los. Hulle is leerders aan die Delft Primêre Skool. Foto: BERNARD BRAVENBOER

Saadjies van vrede geplant

Die US se skoolbemiddelingsprojek help die siklus van geweld beëindig, skryf **Stephanie Nieuwoudt**.

Soos dikwels die geval is in gemeenskappe wat onder armoede gebuk gaan, word die mense van Delft op die Kaapse Vlakte deur geweld en konflik geteister. En die volgende geslag spring die gevolge nie vry nie. Hier leef kinders sons hul frustrasies uit deur op sosiaal onaanvaarbare maniere op te tree, soos om boeliegedrag te openbaar of om van jongs af drank en dwelms te gebruik. 'n Inisiatief wat in 2009 van stapel gestuur is in 'n poging om dié kringloop te verbreek, behaal belovende resultate. Die Desmond Tutu Bemiddelingsprojek vir Skole word deur die Afrika-sentrum vir Geskilbeslegting, 'n afdeling van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), bedryf.

Leerders, ouers en onderwysers word as bemiddelaars opgelei en geleer om konflik vreedsaam op te los. Die projek word gesteun deur emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, wat in 1984 die Nobelprys vir Vrede ontvang het. Hy is die Sentrum se beskermheer.

Ryan Andrews (12) van die Delft Primêre Skool gesels opgewonde oor die projek. "Bemiddeling in Delft is baie belangrik, want hier is groot armoede. Dit lei tot goed soos bendegegeweld en diefstal. Sommige mense sal die laaste bietjie spoeg uit jou mond steel.

"Dis vir my belangrik om te leer om konflik op te los, want ek kan dit nie verdra om te sien hoe mense mekaar seermaak nie. Ek wil help om dié soort gedrag te keer," sê hy.

Uit verskeie briewe aan mnr Francois Botha, 'n voormalige landdros wat nou as projekteier van die bemiddelingsprojek sy ervaring terugploeg, is dit duidelik die program het reeds aan talle kinders se lewe 'n verskil gemaak. 'n Meisie in graad 6 skryf sy was 'n bendelid en dagga geroek. Sedert sy by die projek betrokke geraak het, is sy nie meer by misdaad of dwelms

betrokke nie.

Die opleiding geskied deur gesprekke, leermodules en rolspeel. Opvallend is dat nie net voorbeeldige kinders as bemiddelaars opgelei word nie, maar ook kinders met gedragsprobleme.

Die 12-jarige Faatimah Timm het 'n engelgesiggie. Sy lyk na 'n saggeaarde kind, maar sy vertel dat sy kleiner kinders voorheen afgeknou het.

"Ek weet nie hoekom ek dit gedoen het nie. Maar ek het intussen geleer dit hoef nie so te wees nie. Wanneer my sussie en boetie oor iets baklei, sê ek hulle eerder praat."

Botha sê "boelies is meestal kinders wat self afgeknou is; dis hoekom ons nuwe gedragspatrone probeer vestig."

‘Sommige mense sal die laaste bietjie spoeg uit jou mond steel.’

Zoelfa Allie (12) sê sy het altyd gedink die beste manier om 'n probleem op te los is "deur 'n skellery".

"Ek het voorheen op almal geskel wanneer ek kwaad was. Maar nou weet ek hoe belangrik dit is om kalm te kommunikeer."

Chantol Carelse (13) voeg by dat sy die vaardighede wat sy as bemiddelaar geleer het, buite die skool toepas. "Ek weet nou hoe om vir mense te sê dis beter om eerder rustig met mekaar te praat as om op mekaar te skree."

Botha sê 12 skole in Delft is by die projek betrek en 20 kinders per skool word opgelei. Vier groepleiers uit die gemeenskap bied die opleiding aan. "Ons het in Delft begin omdat

hier soveel geweld is. Dis 'n vergete gemeenskap met min van die dienste van meer bevoorregte gemeenskappe. Negatiewe rolmodelle word die voorbeelde waarop die kinders hul eie gedrag skoel. Hoe vroeër in die kind se lewe ingegryp kan word om die geweldketting te verbreek, hoe beter."

Me Cynthia Botha, die skoolhoof van Delft Primêre Skool, stem saam: "Die meerderheid huishoudings in die omgewing bied geen vaste roetine vir die kinders nie. Hulle doen van 'n jong ouderdom al wat hulle wil en daarom kom bendebedrywighede, drankmisbruik en daggarokery algemeen voor.

"Ons het egter 'n groot veranderinge gesien vandat die bemiddelingsprojek begin het. Kinders wat voorheen boelies was en ander gedragsprobleme gehad het, leer om meer empaties te wees. Omdat hulle anders optree en dikwels leiersienskappe toon, word hulle gou deur die ander kinders gesien as rolmodelle."

Nie net leerders vind baat by die skoolbemiddelingsprojek nie. Mnr Akhona Baba, een van die groepleiers, sê hy leer self baie by die leerders. "Danksy die sessies wat ek as opleier bygewoon het, en my interaksie met die kinders, leer ek om my eie negatiewe gedrag te verander. Ek is nou meer versigtig oor wat ek sê en hoe ek dit sê."

Me Michelle Adonis, nog 'n groepleier, sê: "Met dié projek leer ek om skeppend te dink. Ek moet deurentyd met nuwe idees vorendag kom om die leerders se belangstelling in die projek te bly voed."

Prof Barney Jordaan, direkteur van die Sentrum, sê die ervaring wat in die skoolbemiddelingsprojek opgedoen word, vind neerslag in navorsing sodat die inisiatief se uitwerking verder kan uitkrik. www.diehoopprojek.co.za/geskilbeslegting

Verlede se foute mag nie herhaal word nie

DESMOND THOMPSON

'n Nuwe instituut wat die beginsels van demokratiese leierskap en goeie staatsbestuur in Afrika sal bevorder, word by die Universiteit Stellenbosch (US) gevestig.

"Ons sal leiers in die weermag, polisiemag, intelligensiediens en soortgelyke velde oplei. Ook openbare amptenare en politici sal deel van ons fokus wees, want ons besef nou baie goed dat die burgerlike samelewing en die veiligheidsektor baie nou moet saamwerk," sê luitenant-generaal Louis Matshwenyego Fisher, tussentydse direkteur van die Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA @ Stellenbosch).

Fisher is 'n kenner op sy gebied. Voordat hy hom by die akademië geskaar het – eers by Wits, daarna by die Universiteit van Botswana en nou by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) – was hy agt jaar lank hoof van Botswana se weermag.

"Ek sê altyd grappenderwys ek was 'n generaal in die weermag, en nou is ek 'n korporaal in die akademie. Maar ek glo ek het iets om te bied, en ek is bereid om te leer."

Dié eienskap het Fisher goed te staan gekom in sy loopbaan. Hy moedig ander mense ook aan om lesse uit die geskiedenis te leer.

"Politieke en militêre konflik het al soveel swaarkry in Afrika veroorsaak – en grootliks omdat leiers hul gesag op ander mense afgedwing het. Die nuwe geslag behoort te leer uit dié foute en dit nie te herhaal nie. Eers as dit gebeur, kan vrede en ontwikkeling in Afrika seëvier."

SIGLA wil sterk bande vorm met die Afrikaforum, 'n netwerk van voormalige staats- en regeringshoofde op dié vasteland. "Hulle het soveel ervaring. Hulle was daar. Hulle het alles beleef. Hulle moet hulle kennis deel met die leiers van vandag."

Die Instituut gaan klem lê op die verband tussen leierskap en regeerkunde, en beskou goeie leierskap as 'n voorvereiste vir mense se veiligheid en ontwikkeling. "n Goeie leier is iemand met

visie, wat verstaan dat deursigtigheid en aanspreeklikheid deel van sy mandaat is. 'n Goeie leier sal verstaan dat hy 'n verantwoordelikheid het teenoor die mense wat hy lei. Hy is toeganklik en luister na sy mense."

Demokratiese beginsels, soos om die grondwet te beskerm en gereeld vry en regverdige verkiesings te hou, vorm deel van SIGLA se visie vir goeie staatsbestuur en aanspreeklike leierskap in Afrika.

"Ons soek byvoorbeeld leiers wat verstaan dat hulle moet gaan wanneer hulle tyd verby is, sê Fisher. "Leiers moet die spelreëls respekteer. Hulle kan dit nie bloot verander om hulle te pas nie. Die oppergesag van die reg moet altyd gerespekteer word."

SIGLA glo transformasie-leierskap kan die Afrikavasteland help om die uitdagings ten opsigte van politiek en regeerkunde te oorkom deur vaardighede in te span en talente te slyp as doeltreffende hulpmiddels om Afrikanasies volhoubaar te ontwikkel. Fisher sê die Instituut sal die feit dat verskeie dissiplines en strukture by dié inisiatief betrokke is, goed benut om sy studente te bemagtig.

SIGLA is verbonde aan die USB in Bellville, maar het ook sterk bande met die US se Fakulteit Krygskunde en die Universiteit se Skool van Openbare Bestuur en Beplanning. "Daar is ryk ervaring in die Universiteit se verskillende fakulteite en departemente. Ons sal dit benut om die leiers wat vir voortgesette leierskapsopleiding na ons toe kom, te kan help om te put uit die verskillende uitnemende bronne wat oor jare heen opgebou is."

SIGLA sal 'n verskeidenheid opleidingsgeleenthede aanbied, van relatief kort kursusse vir vas aangestelde bestuursbeamptes tot deurtastende nagraadse programme op meesters- en doktorsvlak. "Soos wat Afrika van die verlede se konflikte herstel, word die versterking van vrede al hoe meer deurslaggewend vir die vasteland se heropbou. Om mense se veiligheid te verseker, is 'n uiters noodsaaklike deel van Afrika se ontwikkelingsdoelwitte," sê Fisher. www.diehoopprojek.co.za/sigla



Luitenant-generaal Louis Matshwenyego Fisher, tussentydse direkteur van die Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika (SIGLA @ Stellenbosch). Foto: BERNARD BRAVENBOER

Boer is besigheid

MARTIN VILJOEN

Jy is nie 'n voorslag suiwelboer as jy 'n Frieskoei kan melk of 'n kampioen saaihoer as jy weet hoe om mieliepitte in die grond te druk nie. Om deesdae suksesvol te wees, moet jy ook 'n ingewikkelde onderneming kan bestuur."

Só sê prof Johan van Rooyen, die direkteur van die nuutgestigte Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap aan die Universiteit Stellenbosch (US).

"Jy moet strategiese besluite kan neem, finansiële state ontleed, mense bestuur en ontwikkel en bedryfsleierskap toon. Ons wil met die ontwikkeling van dié vaardighede help," voeg hy by.

Die Sentrum, 'n vennootskap tussen die bankgroep en die Universiteit, dien as skakel tussen nuwe en opkomende boere en landbougemeenskappe aan die een kant en die agribesigheids-waardeketting aan die ander kant.

Grondhervorming is 'n nasionale prioriteit, en dit is in dié konteks dat die Sentrum op voorheen benadeelde gemeenskappe en individue fokus. Die regering se doelwit is dat 30%

van Suid-Afrika se landbougrond teen 2014 in swart besit moet wees. Kenners is dit eens dat hulpverlening aan nuwe grondeienaars hulle kan help om suksesvol te boer.

"Standard Bank glo dat beter toegang tot onderwys, inligting en die landbouwaardeketting ontluikende boere sal bemagtig om 'n sinvolle bydrae tot die land se ekonomie te lewer," sê mnr Willie du Plessis, Standard Bank se Direkteur vir Landboubankdienste.

Gespesialiseerde kennis van landbou kom nie vanself nie. Dit verklaar hoekom talle grondhervormingsprojekte in Suid-Afrika misluk. "Ons glo die antwoord lê in kennis en mentorskap, en dis presies hier waar ons dink die Sentrum 'n betekenisvolle verskil kan maak," sê Van Rooyen.

Die Sentrum is voornemens om geakkrediteerde kortkursusse in mentorskap en voorligtingsbestuur aan te bied. Dit sal in samewerking met PriceWaterhouseCoopers landwyd en moontlik elders in Afrika geskied. Daar word met die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) gesels om uitvoerende leierskapontwikkeling deel van dié poging te maak.

provincie heen versprei is, sal jy 'n satellietbeeld gebruik. Maar as jy inligting oor die wingerde op 'n spesifieke plaas nodig het of lewende hawe wil tel, sal die onbemande minikopter baie meer doeltreffend wees," sê Jones.

Deur na die verskillende kleurstroke op 'n foto te kyk, kan 'n mens inligting insamel oor aspekte soos die waterinhoud van die grond en die chlorofilgehalte van plante. Boere kan ook omheinings en die uitwerking van erosie op hulle grond monitor en wild tel.

Buiten die groot potensiaal binne die landbousektor, kan hierdie onbemande lugvaartuig ook gebruik word in ander sektore, soos bosbou, natuurbewaring, die polisiemag en die weermag.

Verskillende dele van die minikopter is eers op ander lugvaartuie getoets om seker te maak hulle is veilig. Die outomatiese stuurstelsel is op kleiner helikoptertjies getoets, die elektronika op vliegtuie en die kamerastelsel op verskeie stilstande en bewegende toestelle. In hierdie stadium word toetse onder streng beheer by 'n vliegveld gedoen. Die volgende stap sal wees om operasionele toetse in 'n landbou-omgewing te doen.

Jones sê hulle hoop om teen 2013 'n kostedoeltreffende en betroubare stelsel gereed te hê. Hy werk tans saam met die Burgerlugvaartowerheid om 'n reglement vir onbemande lugvaartuie op te stel. Die doelwit is om wetgewing oor die gebruik van onbemande lugvaartuie teen 2014 goedgekeur te hê.

Hoe werk dit? Die vliegdraam van die minikopter, 'n Duitse Vario XLV met 'n 2,5 m-rotor, is toegerus met gespesialiseerde avionika wat gebruik word om die lugvaartuig en



'n Uitvloeielsel van die kursusse in mentorskap sal na verwagting 'n databasis van projekte en mentors wees wat gepubliseer en beskikbaar gestel sal word tot voordeel van die bedryf.


Die Sentrum bied sowel nagraadse programme as korter sertifikaat- en diplomakursusse aan. Albei bene het 'n sterk akademiese onderbou en is interdisiplinêr van aard. Die teikengroep is gegradeerde en bedryfsleiers in die agribesigheidsveld.

Die verwagting is dat ten minste tien meestersgraad- en drie PhD-studente oor die volgende drie jaar gaan inskryf, en dat ten minste 60 inskrywings vir die mentorskapskursus per jaar ontvang sal word.

Die Sentrum se programme is so saamgestel dat voornemende studente nie noodwendig oor 'n voorgraadse kwalifikasie in die landbou hoef te beskik om die nagraadse programme te volg nie.

'n Kwalifikasie in 'n handelsrigting sal egter nodig wees. In sommige gevalle sal 'n oorbruggingsprogram eers gevolg moet word.

"Ons wil 'n versamelpunt vir die landboubedryf wees waar die verskillende rolspelers hul



Mnr Willem van Kerwel, Bestuurder van die US se Welgevalen Proefplaas, in die melkery. Hy weet dat kalfies soos dié bates is wat reg bestuur moet word ter wille van 'n boerdery se winsgewendheid.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

ondervindings kan kom deel – ongeag of projekte geslaag of misluk het. Ons wil gevallestudies saam bestudeer, by mekaar leer en hierdie kennis terugploeg in die bedryf," sê Van Rooyen.

Prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Universiteit se Fakulteit AgriWetenskappe, sê sukses in die landbousektor "strek veel verder as kos in die mond". Hy is onlangs aangestel as lid van die regering se Nasionale Beplanningskommissie

onder die voorsitterskap van Minister Trevor Manuel.

"Landbou speel 'n sleutelrol in beide ekonomiese groei en die ontwikkeling van menslike hulpbronne in Suid-Afrika en die res van die vasteland. Dit kan net vermag word as daar landbou-ontwikkeling plaasvind en besigheidsgedrewe grondhervormingsprogramme suksesvol uitvoer word," sê hy.

www.diehoopprojek.co.za/agri

Minikopter bevorder voedselsekerheid



Prof Thomas Jones (regs), leier van die onbemande lugvaartuigprojek, en die ingenieurs wat die minikopter bou, mnr Rudi Gaum en Ruan de Hart (links). Foto: ALEXIA WEBSTER

'n videokamera te beheer.

Een van die groot voordele van die onbemande minikopter bo 'n afstandbeheerde lugvaartuig, wat gesien moet word om dit te kan beheer, is dat die minikopter buite sigafstand gestuur kan word. Dit kan tussen 5km-10km van die beheersentrum af vlieg, en met ongeveer 2 liter brandstof 30-45 minute in die lug bly.

Mnr Ruan de Hart, 'n lid van die span elektriese en elektroniese ingenieurs wat die helikopter gebou het, verduidelik dat dié toegerus is met 'n traagheidsmeeteenheid en 'n globale posisioneringstelsel (GPS). Dit stel die minikopter in staat om sy spoed in verhouding tot die aarde te bepaal.

Wanneer die koördinate van 'n bestemming aan die rekenaar in die minikopter gestuur word, bepaal die lugvaartuig self sy vlugroete. Die rekenaar sê vir die enjin wanneer om

te versnel, in die lug te bly hang of te land. 'n Botsingvermydingstelsel stel die minikopter in staat om hindernisse raak te sien en te vermy. Die kamera kan geprogrammeer word om foto's of videomateriaal by

Die stryd om voedselsekerheid

Elke ses sekondes sterf 'n kind iewers in die wêreld van hongor of verwante oorsake. In ontwikkelende lande alleen is daar 907 miljoen mense wat nie genoeg het om te eet nie, en meer as 60% van hierdie mense is vroue.

Dié statistiek van die Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) van die Verenigde Nasies (VN) beklemtoon die feit dat meer gedoen moet word om plaaslike armoede en hongersnood uit te wis. Die US se Voedselsekerheids-inisiatief (VSI) is 'n omvattende poging om juis hierdie doelwit te bereik.

Hierdie inisiatief kombineer die kundigheid van vooraanstaande

navorsers uit verskillende departemente van vyf van die Universiteit se fakulteite – Gesondheidswetenskappe, AgriWetenskappe, Natuurwetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe en Ingenieurswese. Dié gesamentlike kundigheid stel die navorsers in staat om hongersnood op veelvuldige maniere te probeer uitwis.

"Voedselsekerheid is nie 'n abstrakte konsep nie. Die ideaal om genoeg van die regte soort kos op jou bord te hê in plaas daarvan om hongers te ly, is vir baie mense baie werklik," sê mev Julia Harper, Projekbestuurder: VSI. "Hoe ons hierdie doelwit bereik, is egter uiters ingewikkeld en vereis deeglike en nougesette interdisiplinêre werk."

Vroueleiers van die toekoms

Navorsing dui daarop dat die meeste vroue in uitvoerende bestuursposisies hul vaardighede op die sportveld bewys het. 'n Nuwe leierskap- en sportakademie vir meisies is op bemagtiging gemik, skryf **Stephanie Nieuwoudt**.



Me Vidette Ryan (26), Matie- en Protea-hokkiester in aksie. Sy tree op as mentor vir hoërskoolmeisies as deel van die Akademie se Sport Tel-program.

Foto's: ALEXIA WEBSTER

Vroue in Afrika trek op verskeie vlakke, hetsy dit sosio-ekonomies, polities of akademies is, nog steeds aan die kortste ent.

En dit, se prof Liz Bressan, Direkteur van die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskap aan die Universiteit Stellenbosch (US), is waarom dit nodig is om die vroueleiers van die toekoms deur projekte soos die instelling se nuwe Leierskap- en Sportakademie vir Meisies te bemagtig.

Die Akademie is 'n projek van die Sentrum as deel van 'n oorhoofse akademiese inisiatief genaamd die Universiteitevennootskap in

Aangepaste Bewegingsaktiwiteite.

Sowat 30 meisies van tussen 14 en 19 jaar oud het die eerste helfte van 2010 gebaat by die Akademie se loodsprogram. Leerders van die Rynse Meisieskool op Stellenbosch en ander skole is by die projek betrek, en terwyl van hulle uitblinkers is op die sportveld, het ander net 'n vae belangstelling in sport. Almal skitter egter as leiers.

“Een van die doelwitte van die Akademie is om vroue en meisies deur sport en 'n gesonde lewenstyl te bemagtig,” sê me Jenny King, hoof van die Akademie en 'n voormalige hoofaftrigter van

die Suid-Afrikaanse nasionale vrouehokkiespan.

Leerders word betrek by bedrywighede soos uitkamp, boogskiet, stap en tafeltennis. Daar word ook gefokus op mededingende sokker, hokkie, netbal, swem, atletiek en gholf.

Luanne Thomas (14) en Anushca Joseph (14), wat as meisies met sterk leierseienskappe geïdentifiseer is, sê hulle het geweldig gebaat by die loodsprojek.

“My selfvertroue het toegeneem want ek het nuwe vaardighede bygeleer, soos om te luister en doeltreffend te kommunikeer,” sê Luanne.

Sy verduidelik die projek sluit ook die Sport Tel-program in. Hierdeur word hoërskoolleerders soos sy en Anushca ingespan om laerskoolleerders by te staan.

“Ek het geleer hoe om met jonger kinders te werk en hulle te help om hul bewegings- en syfervaardighede te verbeter.”

Luanne en Anushca presteer uitstekend op skool – hul gemiddelde punt is bo 80% – en hulle sê hulle is gereed om hul nuwe vaardighede terug te ploeg.

“Daar is baie kinders wat weens 'n verskeidenheid redes met syfervaardighede sukkel. Ek hoop om in die toekoms 'n projek aan te pak om hulle te help,” sê Anushca.

Die hoërskoolleerders word op hul beurt weer bygestaan deur vrouestudente aan die US wat op akademiese en sportgebied presteer.

Vida en Vidette Ryan (26) het Suid-Afrika in 2008 by die Olimpiese Spele in Beijing as hokkiespelers verteenwoordig. Hulle is ook slimkoppe wat elk reeds spog met 'n honneursgraad in sportwetenskap en tans verder studeer. Intussen is hulle steeds lede van die Proteas en draf hulle ook gereeld vir Maties op die veld.

Oor haar mentorskap sê Vidette: “Daar is mos 'n ou gesegde wat lui as jy iemand iets leer, leer jy self ook daaruit. Ons het gesien hoe die hoërskoolmeisies se betrokkenheid by die jonger kinders 'n groot verskil maak aan hul eie geesdrif om deel te neem aan die aktiwiteite.”

Uit eie ervaring weet Vida dat deelname aan sport waardevol kan wees. “Ek was bitter skaam toe ek jonger was, maar in spanverband het ek geleer om te kommunikeer en myself te laat geld.”

Die twee weet uiteraard hoe belangrik dit is om deurentyd iemand aan jou sy te hê wat jou aanmoedig.

“Omdat ons 'n tweeling is, was ons nog altyd op mekaar aangewese vir ondersteuning,” sê Vida. “Ons was rolmodelle vir mekaar en kon ons prestasie op die sportveld en in die klaskamer deur gesonde mededinging meet.”

Daar word beoog om die inisiatief buite die landsgrense uit te brei. “Een van die grootste uitdagings is om vroue van Afrika met vaardighede toe te rus waardeur hulle hul regmatige plek in die samelewing kan inneem,” sê Bressan.

“Ons hoop om eersdaags die projekte na ander universiteite in Suid-Afrika en Suider-Afrika uit te brei en sodoende 'n bydrae tot die bemagtiging van vroue op die vasteland te maak.”

www.diehoopprojek.co.za/menslikeprestasie



Me Vidette Ryan (links) en haar tweelingsuster Vida.

Afskopkans

'n Naskoolse program hou kinders veilig en maak die leerervaring pret, skryf **Liezl Scholtz**.

Die ou spreekwoord dat kinders leer terwyl hulle speel, het 'n nuwe uitreikprojek van die Universiteit Stellenbosch (US) geïnspireer. Dié program is daarop gemik om kinders se prestasie op skoolvlak te verhoog en vir hulle belangrike lewensvaardighede te leer.

Graad 3-leerders van Stellenbosch en omgewing is betrek by die naskoolse program van die US se Jeugsportinisiatief (JSI), wat sokker vir ontwikkelingsdoeleindes gebruik.

Die kinders word in die middag by die skool opgelaai vir bykomende klasse en gehelp met hulle huiswerk, opleiding in lewensvaardighede en sokkerafrigting. Hulle kry 'n gesonde maaltyd aan die begin van die middagprogram en voedsame versnaperinge tussenin.

Die uitkoms is bemoedigend, en die deelnemers maak goeie vordering op die sportveld sowel as in die klaskamer.

“Ons werk reeds sedert Februarie met die kinders, en ons het sedertdien 'n ongelooflike

verandering in hulle lewens gesien. Sommige van hulle het op skool gesukkel, maar het op soveel vlakke verbeter sedert hulle deel van die program geword het,” sê me Vossie Dirkse van Schalkwyk, Bestuurder van die JSI.

Hierdie inisiatief word gesamentlik deur die US se Sportprestasiestruktuur (SUSPI), die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe en Maties Sport onderneem. Die naskoolse program se loodsfase sal drie jaar duur, en daar word verwag dat 600 kinders daarby betrek sal word.

“Die Universiteit het 'n trotse sporterfenis, uitstekende fasiliteite en toepaslike akademiese uitnemendheid. Ons wil al hierdie fasette tot voordeel van die samelewing inspan,” sê prof Julian Smith, Viserektor vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel.

Die skoolhoofde van laerskole in Stellenbosch en omgewing is genader om kandidate te nomineer wat akademies kwesbaar is, maar sportpotensiaal toon. Ongeveer 120



Speel-speel word daar geleer. Graad 3-leerders wat die naskoolse program van die US se Jeugsportinisiatief bywoon, ontvang sportafrigting, akademiese steun en onderrig in lewensvaardighede.

Foto's: JACQUES BOTHA

kinders is tot dusver in twee groepe ingeskrif. Sommige woon die program op Maandae en Woensdae by, en die ander op Dinsdae en Donderdae.

“Dit gaan nie net oor die sokker nie. Ons volg 'n holistiese benadering,” beklemtoon Dirkse van Schalkwyk, vir wie hierdie program 'n passie is, nie net haar werk nie.

“Buiten die sokkerafrigting, gee ons aan die kinders verskillende liggaamsoefeninge. Dit ontwikkel onder meer hul hand-oog-koördinasie. Hulle leer ook lewensvaardighede aan, insluitend hoe om selfvertroue te bou, konflik te hanteer, doeltreffend te kommunikeer en gesond te bly.



Ons wil 'n omgewing skep waarin die kinders aangemoedig word om selfstandig te dink.”

'n Voorbeeld van wat met hierdie benadering bereik kan word, is die verandering in die gedrag van een van die kinders [om sy identiteit te beskerm word sy naam nie bekendgemaak nie]. Toe hy by die program aangesluit het, het hy die reputasie gehad dat hy 'n “boelie” op skool is. Ná vier maande in die program het hy in een van die sterleerders ontwikkel.

“Al wat hy nodig gehad het, was die regte stimulerende, aandag en leiding. Hy is nou een van die leiers in die klas,” sê Dirkse van Schalkwyk.

As deel van die Universiteit se JSI word 'n nuwe sokkersentrum gebou by Lentelus langs die Goldfields-koshuis gebou en 'n sokkerakademie gevestig. Daar word voorsien dat kinders wat weens Suid-Afrika se sosiale wanbalans voorheen nie toegang tot gelyke geleenthede gehad het nie, baat sal vind by hierdie inisiatiewe.

“Deur op kinders met leerprobleme uit skole in minder goeie omgewings te fokus, hoop ons om die kringloop van armoede waarin hulle vasgevang is, te verbreek,” sê me Gugu Ntuli, Hoof-Uitvoerende Beambte van SUSPI en Projekleier van die JSI.

www.diehoopprojek.co.za/jeugsport